


A large, detailed stone relief carving in a classical style. On the left, a male figure is shown in profile, playing a stringed instrument, possibly a lyre or a similar ancient instrument. On the right, a female figure is shown in profile, looking towards the male figure. The carving is set against a light-colored stone background.

CAPE LIBRARIAN

KAAPSE BIBLIOTEKARIS - January / February 1997 Vol. 41 No. 1





Cover
One of six relief panels in stone by sculptor Lippy Lipshitz along the façade of the head office building facing onto Hospital Street in Cape Town. Each panel has two figures in profile turning inwards depicting various aspects of the arts. This month we feature the music panel

CONTENTS

FEATURES / ARTIKELS

KRISIS OF ROOKSKERM? Die feite	12
Frans van der Merwe	
PUBLIC LIBRARIES IN THE NETHERLANDS	16
Leo Popma	
PUBLIC LIBRARIES IN SOUTH AFRICA	
First report on experiences in South African library work	18
Leo Popma and Izle Swart	
'n NEDERLANDSE BESOEK	20
Vertaling deur Zirkêa Ellis	
PUBLIC LETTER FROM DUBLIN	22
Cecily van Gend	
DIE EINDE VAN 'N ERA... Frans van der Merwe	26
Saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton	

SPECIAL FEATURE / SPESIALE ARTIKEL

DIE HYGROMAN: EPISODE 2 Geweeg en te lig bevind	21
Elize Parker	

COLUMNS / RUBRIEKE

DEVELOPMENT Pasop vir politieke korrektheid	29
Mike van Graan	
BOOKS AND AUTHORS Literary awards	30
Compiled by the Book Selection Department	
SKRYWERS EN BOEKE	
Sanlamprys vir jeuglektuur - Kaapstad-skrywers presteer	35
Saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton	
STREEKFOKUS Ontmoet die streke: Valsbaai	40
Tessa Caroline	
BIBLIOTEEKPROFIEL Mamre Openbare Biblioteek	42
Mariétha Eyssen	
COMPUTERS PALS in practice	45
Liesel de Villiers	

LIBRARIES NEAR AND FAR Kamchatka Regional Science Library	46
--	----

Luda Golodova and translated by Martha Madsen

REVIEWS / RESENSIES	48
Books	48

For the armchair sportsman	50
-----------------------------------	----

Sabrina Gosling

Booker prize	52
---------------------	----

Sabrina Gosling

HOE MAAK MENS... Kreatiwiteit sonder grense	53
--	----

Sandra Muller

DISPLAYS	54
-----------------	----

Monica Wagner

BOOK ACCESSIONS / BOEKAAANWINSTE	56
---	----

THE MARKETPLACE	61
------------------------	----

Ilze Swart

NATIONAL DAYS 1997	62
---------------------------	----

YOUTH FOCUS	64
--------------------	----

Elize Rodgers

NEWS / NUUS

post-bag 3 people 3 libraries 6 training 8 forums 9 miscellany 10

NEXT EDITION


- 'n Stadsklerk se perspektief
- A toy library
- 'n Kykie na koormusiek

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Biblioteekdiens en verskyn elke maand, behalwe in Junie en November. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstelyste asook praktiese artikels oor uitstalwenke en biblioteekadministrasie. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Library Service. It is published monthly, except in June and November. Articles in the field of library and information science, practical articles on displays and library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that all copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.



CAPE LIBRARIAN
KAAPSE BIBLIOTEKARIS

JAN / FEB 1997
VOL 41 NO 1

Redakteur
Editor
Grizéll Azar-Luxton

Grafiese Ontwerper
Graphic Designer
Monica Wagner

Administrasie
Administration
Elzet van Wyk

Tel
(021) 483-2446

Faks / Fax (021) 419-7541

Email:
capelib@cpls.wcape.gov.za
grizell@iafrika.com

Adres
Address
Posbus 2108 Kaapstad, 8000
PO Box 2108 Cape Town, 8000

Geïndekseer in
Indexed in
LISA
(Library and Information Science Abstracts)

© Biblioteekdiens
© Library Service

SA ISSN 0 008 5790

Reproduksie
Reproduction
Fotoplate (Pty) Ltd
Nyman Street, Maitland 7405

Drukker
Printer
Mills Litho
11th Avenue, Maitland 7405

EDITORIAL
EDITORIAL
EDITORIAL

I trust that all and sundry have recovered from the festivities that are part and parcel of the silly season and which seem to be forever on the increase. It has for some time now been apparent to me that the true meaning of Christmas is very often totally lost among the tinsel and gift-wrap under the Christmas tree...

Be that as it may, we have arrived in 1997 and are rearing to go - however, it took mountains of effort and energy to bring to you a magazine packed with hopefully interesting reading matter to keep you going for the next two months. As I mentioned last year the Cape Librarian will in future only be published bi-monthly. You may notice a few innovations - one of which is on our cover, the inspiration for which can be seen on the exterior of our head office building in Cape Town. A frieze of six relief panels in stone by sculptor Lippy Lipshitz runs along the façade facing onto Hospital Street. Each panel has two figures in profile turning inwards and depicting an aspect of the Arts - literature, photography, music, dance, drama and painting and each month we will be featuring a different aspect of the Arts. You will also notice a few changes in format. We have, for example, included a series on the restructured regions and a column on CPALS dealing with the latest developments.

At the end of January we say goodbye to our director, Frans van der Merwe, who after 31 years has certainly become a household name in the library world. He will be missed by many and his positive approach towards this magazine, for which he has always had a soft spot, will be sorely missed. Our best wishes go with him for the years ahead.

We also take leave of a number of other staff members who have over the years become part of the furniture in the Library Service, amongst others, assistant director Johan du Plessis and librarian Wouna Rabe. There are also many other librarians and staff of public libraries who are also leaving the library world - too many to mention each by name. Read on page 3 of the News how hard the Library Service and public libraries have really been hit and that so early in the year. I say hard hit because the loss to the library world of many many years of experience and concomitant knowledge of library matters can never be replaced. We nevertheless extend a hearty welcome to all the newcomers and good luck for the challenges that lie ahead.

Until next time then.

Ons hoop almal het darem nou al herstel van die silly season wat vir my lyk of dit elke jaar net meer silly word. Dit voel al hoe meer vir my of die werklike betekenis van Kersfees in flarde tussen die pakkies onder die boom lê...

Maar dis Januarie 1997 en dis lekker om hier te wees. Ons het omtrent bontgestaan om vir julle 'n propol tydskrif saam te stel want soos ek verlede jaar genoem het, verskyn die Kaapse Bibliotekaris nou net twee-maandeliks, so ons moet darem seker maak dat daar genoeg stof is om aan te smul.

Ons het 'n paar nuutjies hierdie jaar - inspirasie vir die voorbladontwerp kom aan die buitekant van ons hoofgebou in Kaapstad gesien word. 'n Fries in ses reliëfpaneel uit klip deur die beeldhouer, Lippy Lipshitz, strek oor die lengte van die gebou in die Hospitaalstraat-ingang. Elke paneel bestaan uit twee figure in profiel wat na binne kyk en wat 'n aspek van die Kunste uitbeeld - literatuur, fotografie, musiek, dans, drama en skilder. Ons bied ook 'n nuwe kolom aan waarin ons die streke volgens die nuwe indelings bekendstel. In 'n CPALS-rubriek gaan julle ook van nou af op die hoogte met die jongste ontwikkelings gehou word.

Ons neem hierdie maand afskeid van ons direkteur, Frans van der Merwe, wat sekerlik na 31 jaar 'n huishoudelike naam in biblioteekkringe is. Hy sal deur baie gemis word en sy positiewe insette tot hierdie tydskrif, waarvoor hy altyd 'n spesiale sagte plekkie gehad het, sal ook gemis word. Ons beste wense gaan met hom in wat ons glo nog besige jare is wat voorlê.

Ons neem ook afskeid van talle ander personeel wat so half saam met die Biblioteekdiens opgegroeï het, onder andere, Johan du Plessis en Wouna Rabe. Om nie te praat van ander bekendes in die openbare biblioteke nie, te veel om hier te noem. Lees gerus op bladsy 3 van die Nuus hoe swaar die biblioteek-wêreld sommer so vroeg in die jaar getref word. Ek sê swaar getref, want so 'n massaverlies van jare en jare se opgegaarde kennis is moeilik vervangbaar. Aan die nuwelinge egter hartlik welkom - en sterkte vir die uitdagings wat op julle wag.

Ek groet tot 'n volgende keer.

Grizell Azar-Luxton

POST BAG

From Russia with love

We received your two packages of books on October 25. There were eight books and three Cape Librarians. I cannot describe how glad we were to see these beautiful albums. We really think now that South Africa is the most beautiful place on the planet (and we want to see it)!

We have very little information about South Africa here and almost no books about it in our library so we don't know how to thank you for this precious gift. It is quite an event here! The director Bella Ivanova, Tatiana Dikova the assistant director and I looked them through and decided to make a presentation of this gift of yours at our monthly library meeting next Wednesday which we usually have at our lecture hall. We are all delighted to see the pictures of us and Petropavlovsk-Kamchatsky in the Cape Librarian. You are a master of photography I must say. I tried to translate your article about your visit to Russia. It was fun and I think Afrikaans is not a difficult language. Could you translate the following words into English for us: aangekom, gehad, uitswaai and rekenariserings?

We looked through the library magazine and found the information in it very interesting, enjoyable, useful and well arranged. We all are impressed with the quality of publishing in your country and I especially enjoyed the design of the cover of the Cape Librarian.

I got an idea that the librarians in your country work very hard and have a big responsibility for educating the people. And I was surprised to know what wide spectre of services your Provincial Library Service provides and is responsible for. You are doing a great and good job.

Please accept our biggest thanks for all your efforts, time

and worries of sending these wonderful books to us. You are promoting more friendship between our two countries through more knowledge and you are a magnificent example of a true librarian and educator.

Thank you again for the pleasure you gave us sending these wonderful materials to us.

Luda Golodova
Librarian, International Information Centre, Regional Library, Petropavlovsk-Kamchatsky, Russia.

During his visit to Petropavlovsk-Kamchatsky in Russia last year, director Frans van der Merwe was overwhelmed by requests from librarians for information on South Africa. On his return to South Africa, he approached a number of publishers/donors and Struik Publishers and Leserskring responded very kindly. All the books were forwarded to Russia and the response was so positive it even received television coverage in Russia. A special thank you from the Provincial Library Service for the donations. ED

From Israel

Thank you very much to send me some information about your organisation and its activities. Best regards Saba Mossé 75202 Rishon le Zion, Israel

We receive many thank you letters during the normal course of a month but we thought the one finding its way here all the way from Israel deserves to be published. ED

PEOPLE

Ons groet nog steeds!

...Ina Louwrens na 21 jaar

Dit was met hartseer dat die Vredenburg-Saldanha gemeenskap en biblioteekpersoneel op 30 November 1996 van dié energieke en spontane mens afskeid geneem het. Ina is IN 1975 as assistent aange-

stel waar sy gou haar merk gemaak en 'n onmisbare deel van die biblioteekopset geword het. Met haar natuurlike sjarme en warm persoonlikheid het sy die biblioteek omskep in 'n gebruikersvriendelik en aantreklike ruimte waar almal welkom gevoel het.



Sy is in Februarie 1982 bevorder tot bibliotekaris van die Vredenburg-Saldanha area. Na die aanvanklike drie biblioteke in Vredenburg, Louwville en Saldanha is daar gedurende haar ampstydperk ook biblioteke in Diazville, St Helenabaai, Laingville en Paternoster gestig. Met oorgawe het Ina haar beywer vir beter dienste aan die gemeenskap. Die boekskirkulasie het tot 438 000 gestyg en met 'n vinnig groeiende personeel moes Ina haar organisatoriese vermoëns en talente inspan om alles vlot te laat verloop.

Op streeksgebied én wyer het sy ook haar merk gemaak. Sy was een van die stigterslede van die forumvergaderings en die voorsitter van die komitee wat biblioteekstandaarde hersien. Ina beplan om vir nog 'n paar jaar in Saldanha-baai te woon waar sy hopelik tyd gaan kry vir haar belangstellings soos tuinmaak, rondreis, kunstaandwerk en stories skryf vir haar kleinkinders. Die gemeenskap en personeel gaan haar baie

mis en sal haar onthou as 'n persoon wat altyd bereid was om met enige probleem of navraag te help, asook haar fyn humorsin wat menige dag in 'n plesierigeheid omskep het.

... 'n Half-miljoen kilometers later

Johan du Plessis vertel...

"As ek terugkyk op my diens-tydperk van 28 jaar onthou ek net die aangename dinge waarvan daar baie was en is ek geneig om die min onaangename, wat seker ook daar moes wees, te vergeet.

"Dit voel soos gister wat ek 28 jaar gelede bewend op Sondagaand 5 Januarie 1969 met die trein in Kimberley aangeland het. Mnr Frans van der Merwe, destyds senior bibliotekaris van Noord-Kaap, het my nog die aand op die stasie kom haal.

"Na 'n aanvanklike twee weke opleidingsperiode het ek diens in Aliwal-Noordstreek aanvaar. Op daardie stadium was dit een van die grootste en interessantste streke in Noord-Kaap met 36 sentra. Ek het myself gekulke geag om hier te land. Die streekbiblioteek het 'n ywe



Johan du Plessis in sy kantoor

NUUS
NUUS
NUUS

area vanaf Colesberg in die weste tot Mount Fletcher in die Transkei in die ooste bedien. 'n Verskeidenheid van klimaatstreke is hier aangeref vanaf die plat Karoo vlaktes tot Barkly-Oos se berggebiede en die Transkeise groen heuwels. Die teerpaaië was maar min en die grondpaaië besonder sleg. Soms het dit gebeur dat ons nie kon gaan toer weens nat paaië nie en op 'n keer het ons selfs vasgeklop in Barkly-Oos se berge. 'n Graaf op die bus was standaard toerusting om dit uit te grawe as dit vasval.

"Ons het destyds baie getoer, tot agt keer per jaar. Om al die sentra te besoek, het drie weke geneem. Tussenin is volledige voorraadopnames elke drie jaar uitgevoer by alle sentra, wat meegebring het dat ons voortdurend op die pad was. My eerste paar jaar het ek net uit my koffier geleef en was dit nogal 'n heerlike ondervinding om so elke aand in 'n ander hotel te wees.

"Ek is in Aliwal-Noord getrou en my drie seuns is almal daar gebore. My elf jaar lange verblyf in Aliwal-Noord (ek neem aan dit is 'n rekord) was baie aangenaam.

"In 1980 is ek na Kimberley verplaas as die senior bibliotekaris in Noord-Kaap, waar ek onder mnr André Steenkamp gewerk het. Na vyf jaar het groener weiveld in Transvaal gelok en het ek na Ermelo verskuif as hoofbibliotekaris van die Suid-Oos Transvaal. Ten spyte van 'n lekker verblyf op die Hoëveld het die verlangeterug na die Kaap gebly.

"Intussen het verwikkelinge in die Kaapprovinsie plaasgevind. Mnr Gilbert Morris het afgetree en hoofbibliotekarisposte het vakant geword en so het dit gebeur dat ek in 1987 as hoofbibliotekaris vir die Sentraal-Kaap aangestel is, gesetel in George waar ek tans nog is.

Die Sentraal-Kaap was 'n

besondere streek met lojale, ervare personeel. Die streekbibliotekaris was Benoni Kriel van Vanrhynsdorp, Jannie Hill van Calvinia, Ewald Scheffler van Beaufort-Wes, Linda van Zyl van Mosselbaai, Elna Cloete van George en Theuns Botha wat later bygekome het met die stigting van die Oudtshoorn kantoor. Hierdie mense was almal staatsmakers en dit was 'n plesier om met hulle te kon saamwerk.

"Deur my jare diens het ek gesien hoe die Biblioteekdiens van 'n hoofsaaklik administratiewe diens ontwikkel het tot 'n hoogs professionele, dinamiese diens wat as van die beste in die land beskou kan word.

"Leens my baie reise het ek die Kaapprovinsie van hoek tot kant leer ken. Ek glo dat ek die persoon in die diens is wat amptelik die meeste kilometers per motor afgeleef het. Volgens berekening moet dit vermeer as 'n half miljoen kilometers wees.

"Ek is dankbaar dat ek nooit in ongelukke betrokke was nie, dit wil nou sê as 'n mens die verdwaalde klip wat af en toe op die grondpaaië voorgekom het of die verdwaalde haas wat doodgery word, buite rekening laat.

"Wat toesighouers betref, was daar min verskeidenheid. Met die uitsondering van die tydperk in die Transvaal was daar net mnr Van der Merwe en Steenkamp.

"Dit was 'n voorreg om vir so 'n lang tyd deel van die Biblioteekdiens te wees en wel op die tydperk toe die Diens sy hoogtepunt beleef het. Ek glo dat die Diens, ten spyte van die onrustige waters waarop dit tans vaar, sy probleme sal te bowe kom en dat dit nog lank sal voortbestaan."

...Marleen Avgerinos na 32 jaar

Augustus 1996 was 'n maand van gemengde gevoelens vir die personeel van die Biblioteekdiens - soos dit altyd gaan wanneer daar van baie

goeie vriende afskeid geneem moet word. So moes daar ook afskeid geneem word van Marleen Avgerinos na 'n baie lang en nou verbintenis met eers die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, en meer onlangs, die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.



Marleen, 'n Wellingtoner van geboorte en oud-student van beide die Universiteit van Stellenbosch en Kaapstad, het in 1964 by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens begin werk saam met mnr Gilbert Morris, voormalige direkteur van die Biblioteekdiens. Sy het gou-gou deel geword van die Diens se re-organisasieplan wat, onder andere, verantwoordelik was vir die re-organisasie en inskakeling van die voormalige subskripsiebiblioteke by die Diens. In hierdie tyd het sy selfs ook afgeles as streekbibliotekaris in die De Aar- en Aliwal-Noordstreek. In 1967 het sy as streekbibliotekaris van die Port Elizabethstreek begin.

Bykans 20 jaar later, aan die einde van 1986, verhuis sy terug na haar geboortewêreld en word hoofbibliotekaris vir die Boland Beheergebied. Kort hierna egter word haar dienste in die Kaapse Metropolitaanse gebied benodig en word sy in 1987 hoofbibliotekaris van Skiereiland - 'n pos wat sy tot haar uittrede beklee het.

Ons wens Marleen 'n baie aangename aftrede toe en is absoluut seker dat sy nie die

geleentheid sal kry om al die dinge te doen waarvoor daar in die normale besige lewe net nooit tyd voor gevind kan word nie.

...Wouna Rabe na 38 jaar

Wouna Rabe is sekerlik een van die bekendste vakkundiges in die Provinsiale Biblioteekdiens in Wes-Kaapland. Haar uittrede is 'n groot verlies vir almal in die Diens sowel as die opbare biblioteke aan wie sy 'n diens gelewer het.

Wouna het op 2 Januarie 1959 diens aanvaar by die destydse Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens as assistent in die re-organisasiespan. Na vier jaar van harde werk in die span besluit sy toe om studieverlof te neem en haarself as bibliotekaris te bekwaam. Na haar aanvanklike graadstudie, verwerf sy in 1967 die Hoër Diploma in Bibliotekunde aan die Universiteit van Stellenbosch.



In 1968 hervat sy haar verbintenis met die Biblioteekdiens as katalogiseerder en tien jaar later, in 1978, word sy streekbibliotekaris van die Stellenboschstreek. Meer as tien jaar daarna word sy streekbibliotekaris van die besige Bellville-streek en in Augustus 1996 van die groot- en besigte streek in Wes-Kaapland, naamlik die nuwe Tygerbergstreek.

Wouna se kollegas sê klaar hoe baie hulle haar gaan mis en sê dankie vir die waardevolle werk wat sy altyd op die voorpunt gelewer het. Net die

mooiste word haar in haar aftrede toegewens en die hoop is dat dit die aangenaamste jare van haar lewe sal wees.

...aan Mathilda Schutte

Mathilda, sekretaresse vir die afgelope vier jaar van direkteur Frans van der Merwe, het die Biblioteekdiens onlangs vir groener weiveld verlaat, om 'n betrekking te aanvaar as sekretaresse in die kantoor van die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en Kultuur. Mathilda was vir meer as agt jaar aan die Biblioteekdiens verbonde, eers as datatikster en daarna as tikster in die Reklame- en Publikasie-afdeling.



Almal by die Biblioteekdiens sal haar mis. Mathilda was altyd vriendelik en hulpvaardig en haar werkwiklike laggie was aansteeklik. Haar 'spens' agter haar kantoordeur was nogal 'n gewilde besoekpunt, selfs vir diegene op diept.

Some more goodbyes

...to Nohra Moerat

It was with much regret that the library staff of the Cape Metropolitan Council, and particularly those working in the Adriaanse Library, said goodbye to Nohra Moerat at the end of November 1996.

Nohra joined the staff of the Grassy Park Library in 1989 where, as a library assistant, she introduced a number of innovative systems to improve the control of and access to the study collection, pamphlet file



Nohra (front row, second from the left) with the rest of her team

and audio-visual collections, including a system of recording in-house usage which was later adopted by many other libraries. Her professional approach had a positive influence on the co-operative effort of the Grassy Park Library staff team.

In 1993 she was appointed librarian in charge of the Adriaanse Library in Elsies River, where she tackled the challenge of establishing a new, fully-computerised library service to cater for the specific needs of this community in a pro-active and highly organised way.

The thriving Adriaanse Library with its dedicated staff team bears witness to her ability to translate her vision into a functional reality. The calm, clear-sighted manner in which she has been able to handle many different situations (from bullets flying outside the library doors to hiccups in the computerisation process) have earned her the respect and admiration of many who join us in wishing her everything of the best in her move to Gauteng. With her exceptional leadership abilities, who knows, perhaps she will be able to create the same library magic up there.

...to Simone Hamerton

Simon's Town Public Library's popular librarian Simone Hamerton, "the lady who laughed a lot", retired recently

obedience judge and also has her own prize-winning dogs. We wish her well in her relaxed but busy retirement.

...to Mary Schofield

After nine years of being on the staff of the Hout Bay Library and four years as second-in-command, there is not a library staff member who wishes to bid Mary farewell.

Mary been a stalwart librarian, and she is much loved for her warm and caring nature. If they were in the diplomatic corps, Mary would undoubtedly have been the ambassador of the organisation.

The staff wish her a happy and productive retirement and look forward to her continued involvement with the Friends - especially with the trail-blazing bookmending team, and also as chief of their relief team. Hamba kahle Mary!

Saying goodbye has never been easy - saying goodbye to so many all at once is even worse. From us all a big thank you for sharing your enthusiasm for reading with us and your readers and we wish you all the very best for the future. ED

A newcomer

At least there are not only farewells and we can say welcome to...

Melanie at Simon's Town Library.
Melanie du Raan graduated

Some guys have it all!

Some people have all the luck. Redwaan Jordaan is well-known at Head Office for his knack of winning competitions.

Recent prizes include a trip to Abu Dhabi, tickets to the World Cup Golf and a scuba diving course. Of course, the best prize of all is the hand of his lovely bride, Mariam. Here the couple are pictured on their wedding day.



from the University of Cape Town at the end of 1987, having completed a degree in Social Science and the Higher Diploma in Librarianship and Information Science.

She spent a year as a librarian at the University of South Africa (UNISA) in Pretoria, and six months at Exclusive Books. In May 1989 she was appointed chief librarian at the Citizen newspaper in Johannesburg. There she remained for four years. In 1993 the travel fever hit, and she spent the next three years working and travelling in Europe, South East Asia and India. She came back to South Africa for a while last year to help friends run a Japanese restaurant in Johannesburg.

In March 1996 Melanie moved to Cape Town and started working for the Association for the Physically Disabled before being appointed as librarian-in-charge in Simon's Town on 1 October 1996.

Melanie tells us that she is very excited about the changes taking place within the libraries, and that she and her two assistants, Frankie and Anthea, are very positive about carrying the library through to the 21st century with the help of the Library Service, of course!

LIBRARIES

Franschhoek in die knyp

Gedurende 1986 het mev. Podlashuk van Bellingham grond aan die munisipaliteit geskenk om 'n nuwe biblioteek op te rig, direk langs haar kunsgalery. Die kunsgalery bestaan uit een groot vertrek, 'n kombuis en toilette. Die biblioteeksaal is toe direk langs die galery gebou. Daar is ooreengekom dat die kombuis en toilette gedeel sal word en dat mev. Podlashuk ook gebruik van die biblioteeksaal



Die 'nuwe' toilet

sal hê. Volgens die kontrak skenk sy toe die geboue aan die munisipaliteit, maar behou die reg om te sê wie die galery mag gebruik.

Die galery se bestaan was van korte duur en daarna het liefdadigheidsorganisasies die galery gebruik. Gedurende 1995 besluit sy toe dat sy die galery gaan verhuur en verbied die biblioteek die gebruik van die kombuis. Niemand wou egter haar hoë tarief betaal nie, en die idee het deur die mat geval.

Gedurende Julie 1996 maak sy 'n aanbod aan die munisipaliteit: Sy sal haar regte van die galery afteken in ruil vir 'n stuk grond. Die grond se waarde is egter ongeveer R260 000 meer as die waardasie van die gebou. Die munisipaliteit is bereid om die ooreenkoms aan te gaan indien sy die ekstra R260 000 sal betaal. Toe sy dit hoor, was sy woedend en op 15 Oktober 1996 plaas sy summier die kombuis en toilette agter slot en grendel.

Geen skikking is tot en met hierdie skrywe tussen die twee partye bereik nie. Angesien die munisipale gebou 'n paar blokke verder van die biblioteek af geleë is, moes hulle toe vir die biblioteekpersoneel en gebruikers 'n chemiese toilet aanskaf.

Ai, dat mens in hierdie dae nog met sulke onmenswaardighede opgeskep moet sit. Laat weet maar as dinge weer normaal is. RED

Imizama Yethu Library moves

The library resource centre in Imizamo Yethu took a great leap up the mountain by re-locating to one of the containers within the Hout Bay Christian Community Association's church cum adult training centre.

The centre has been named Iziko Lobomi (centre of life), and was created by placing fifteen containers around a central triangle.

The complex, with its old ship's bell standing at its entrance, will not only serve as a meeting place for the Christian communities, but will also be an adult training centre. Besides the library, there is a computer room, a skills workshop, a fully equipped kitchen and vegetable garden, a lecture room and hall and a sewing room.

The project has been the culmination of several years planning and hard work from the many religious denominations involved. Sponsorship totalled over R360 000 with major donors such as the Safmarine, Woolworths, the German Consulate and South African Breweries to name a few.

The library's involvement with the "centre of life" is seen as a vital role in advancing the community of Imizamo Yethu. Not only will they aim to pro-

vide an information centre for all kinds of queries, but also a launching pad for literacy for both adults and children.

Marine Day talks

"He was born with the gift of laughter and a sense that the world was mad."

This quotable quote aptly fits Rob Erasmus of Nature Conservation, expert on marine life, jester, all-round entertainer and teacher and educator extraordinaire!

In a series of three talks pitched to three different age groups, over 360 pupils from the Knysna Schools, had the privilege of listening to Rob's highly entertaining and interesting talks on Marine Life which were hosted by the Knysna Children's Library to celebrate Marine Day.

A committed and dedicated ecologist, he held his captive audience's attention through his ability to speak their language - be it the crazy youngster who still loves sliding down sand dunes - or the hip cool surfing generation.

The introduction of his talks dealt with a brief explanation of ecology - the interaction of living and non-living things - and he made interesting comparisons between the different yet similar components of a desert and an ocean. The main body of his talks, however, was on shark awareness.



Rob Erasmus entertaining and educating the youngsters at Knysna Library

Nuus van Upington Biblioteek

☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆☆

Ontwerp 'n boekmerk

Die personeel van die biblioteek het 'n nuwe boekmerk die jaar op kompetisiebasis slagspreuke in Afrikaans, Engels, Tswana en Xhosa inskryf. Die tema van die slagspreuke was *Wat 'n boek vir my beteken*. Enige medium kon gebruik word en meer as een inskrywing kon ingeskryf word. Kreatiwiteit was belangrik, maar leerlinge moes konsentreer op die slagspreuke. 'n Brief is aan die betrokke skole gerig om die kompetisie bekend te stel en 172 boekmerke is ontvang. 'n Kontantprys is in elke taalkategorie toegeken asook 'n prys vir kreatiwiteit. Die pryse is geborg deur mnr. Le Roux van Ou Mutual. Die wenslagspreuk in elke kategorie, die wenner se naam en die betrokke skool se naam is op die nuwe boekmerk aangebring. Die kleurvolle en interessante boekmerk word tans deur al drie biblioteke op Upington gebruik (foto op bladsy 11).

Kunstenaars wys hul slag

'n Kunsweek is ook in die biblioteek aangebied met die doel om plaaslike talent bekend te stel. Na hierdie week kan niemand sê dat Upington 'n tree hoef terug te staan vir kunstenaars in ander gebiede nie. Tydens die week was die biblioteek 'n lus vir die oog en die publiek het opregte belangstelling getoon. Die uitstallings en demonstrasies was van hoogstaande gehalte en groepe wat demonstrasies bygewoon het, het gewissel vanaf 15 tot 20 mense. Die volgende kunswerke is uitgestal. Alida Auret (demonstrasie - spintegniek), Annatjie Kohn (kalligrafie), Gwendoline Dowie (kunsblomme en plak op sak), Marieta Barnard (tekstielverwerk), Mariaan van Niekerk (porseleinpoppe), Frieda Dreyer (olieverwerke) en Louw Nel (olieverf en brandglaswerke). Die handwerk van die Kuns- en Kleiskool op Upington het baie belangstelling gelok.



Goue jare-tee

Op 18 September het die biblioteek 'n baie suksesvolle tee aan die senior burgers van die dorp gegee. Senior burgers van ND Swartz Tuis, Oranjerhof Ouetehuis en Paballelo Opleidingsentrum het die tee bygewoon. Elke gas het 'n sonneblom met 'n boodskapjie by die deur ontvang (foto's op bladsy 11). Die tema van die dag was *Wat die verskillende kulture van mekaar kan leer*. Die senior burgers van Oranjerhof Ouetehuis het outydse liedjies gesing, ND Swartz Tuis het die gehoor met 'n Namadans en 'n Namasangstuk vermaak en die senior burgers van Paballelo Diensentrum het 'n interessante Basothodans gelewer. Voorwaar 'n groep kreatiewe senior burgers!

Die alombekende en gewilde Xhosa spreker Vernon Mfusi, het die gaste meer oor die Xhosa se groetmaniere, godsdiens en inisiasieproses vertel. Die biblioteekpersoneel het die gaste met 'n Xhosa sangitem verras.

'n Lentekoningin en 'n Lentekoningin is tydens die geleentheid uit die senior burgers gekies. Mnr. Bertus Liebenberg van Oranjerhof Ouetehuis het met sy spontane geartheid die harte van almal gesteel, en is as Lentekoning gekroon. Mev. Masasa van Paballelo Opleidingsentrum is as Lentekoningin aangewys. Daarna is heerlik saam gekuier terwyl die verversings geniet is.

Draadkar-projek

'n Draadkarkompetisie wat deur die biblioteek geloods is, het beslis die vernuftigheid en handvaardigheid van die jongmense van die dorp getoets.


Die doel van die projek was om die draadkar as speelding weer aan kinders bekend te stel en om entrepreneurskap te bevorder as bydrae tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram. Die draadkar-projek is by 19 skole op Upington bevestig en inskrywings is van al die skole ontvang. Selfs die Departement van Korrektiewe Dienste het 'n groot getal inskrywings gehad. Draad vir die maak van karre is deur die biblioteek voorsien en 230 inskrywings is ontvang.

Die biblioteek was 'n miernes van belangstellendes tydens die tentoonstelling van die karre. Die algehele wenner was Martin Tatana, leerling van Senior Sekondêre Skool Saul Damon, met 'n spoggerige Interkaapbus, kompleet met logo, sitplekke, toilet en televisie. Hierdie bus is verkoop teen 'n bedrag van R200 aan meneer Ferreira, eienaar van Interkaap Busdienste.

Die spoggerige rygoed is vertoon tydens 'n straatoptog. 'n Video is gemaak van die besonderse geleentheid en geniet tans groot belangstelling in die skole.

Deelnemers is ook die geleentheid aangebied om hul karre tydens 'n hand-en-kunsmark te verkoop en versoeke van skole en motormaatskappye is ontvang dat hierdie projek 'n jaarlikse instelling moet wees.

Kontantpryse is aan die volgende wenners in verskillende kategorieë toegeken: Stefanus Baba (laerskoolafdeling); Martin Tatana (hoërskoolafdeling) en Edward Petrus (volwasse-afdeling).



Die wenbus

The morning sessions were great in their sense of fun and laughter but also in the effective way he aroused in the pupils a very real interest in and sharper awareness of Marine Life.

'n Koppie vir kanker

Vanaf 4 tot 8 November 1996 het **Stilbaai Biblioteek** 'n *Koppie vir kanker week* gehou. Koffie en tee is teen R2,00 per koppie verkoop. Behalwe dat hulle R500,00 ingesamel het om aan die Kankervereniging te stuur, is daar ook 'n geleentheid geskep vir gebruikers om mekaar beter te leer ken en gesellig te verkeer. Daar is darem aan die publiek duidelik gemaak dat hierdie week 'n uitsondering was...et en drink word mos nie gewoonlik in die biblioteek toegelaat nie!

Vir *Marinedag* (1 November) is die gewone uitstalling gekombineer met 'n *Versier 'n visie-kompetisie*. Kinders moes visies wat vooraf geteken, gefotostateer en uitgeknipt is, versier met vektiry (foto op bladsy 11). Daar was ongeveer 60 deelnemers. Die wenners het sjokolade ontvang en die res van die kinders aartappelskyfies, plakkers en boekmerke. Behalwe dat die kinders dit baie geniet het, het dit ook 'n pragtige uitstalling opgelewer. Boonop is heelwat nuwe visies in die proses ontdek!



Hier is 'n paar biblioteekgebruikers besig om koffie te drink

Nuwe biblioteek in De Aar

Nadat die inwoners baie lank gewag het, is die **Pandulwazi Biblioteek** eindelik op 18 Oktober 1996 amptelik in Nonzakazi, De Aar, geopen en in gebruik geneem.

Die onthulling van die denkplaat is gedoen deur me Tina Joemat, Minister van Onderwys, Kuns en Kultuur in die Noord-Kaap. Me Joemat het gevra dat die mense van Nonzakazi die biblioteek koester en self daarna sal omsien. Die opening het groot belangstelling gelok en verskeie skoolkore het opgetree om dit 'n luisterryke geleentheid te maak. Na afloop van die verrigtinge het die kinders versiers en koeldrank by die biblioteek gekry.

Die naam van die biblioteek, Pandulwazi, beteken "om kennis te soek" en hopelik sal die inwoners van Nonzakazi die biblioteek ook daarvoor ten volle benut.

GELETERDHEID

...in die Boland

Al hoe meer biblioteke toen belangstelling in geleterdheid in die Boland en subsidies is ook onlangs aan projekte by die volgende biblioteke gegee: **Kayamandi Biblioteek** (Stellenbosch), **Paarl Biblioteek** en **Greenville Biblioteek** (Darling).

Pineview Biblioteek (Graobouw) en **Noordhoek Biblio-**

teek (Velddrif) het alreeds vir 'n geruime tyd suksesvolle geleterdheidsprojekte aan die gang en het ook in die jaar subsidies ontvang.

Pineview voorsien dat hulle in die toekoms dalk die *Fundani*-reeks sal kan aanwend vir die Xhosasprekendes in die gemeenskap. Tans bied hulle die geleterdheidsklasse slegs vir Afrikaanssprekendes aan.

By Noordhoek het die klas al heelwat klanke bemeester, die hoofletters leer ken en leer woorde bou met die klanke.

Al die opoffering is die moeite werd wanneer die vreugde beleef word van 'n nuutgeleerde vir wie 'n nuwe wêreld oopgaan wanneer hy eenvoudige sinne kan lees en skryf.

...in Bella Vista

In 1990 het die Ceres Gemeenskapontwikkelingsvereniging die behoefte om te leer lees en skryf by sommige inwoners van Bella Vista geïdentifiseer. Gevolglik is 'n geleterdheidsprojek in 1991 in Bella Vista geïmplementeer. Op daardie stadium was daar 34 leerders met slegs een fasiliteerder. In 1994 het die organisasie ontbind en die groepie moes vir 'n tyd lank op hul eie funksioneer.

Vanaf 1995 funksioneer hulle egter onder leiding van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV). Tans is daar 28 leerders met twee fasiliteerders. Die ouderdomme van die leerders wissel vanaf 35 tot 83. Om diegene wat werk te akkommodeer, word daar middag- sowel as aand-sessies aangebied. Mev. P Rhode en S Mankopan is sessie leiers.

Die leerders maak gebruik van Joan Basson se handboeke, naamlik **Basiese en Funktionele Geleterdheid** en maak gebruik van 'n afbetaalstelsel.

Aangesien die meeste leerders pensionarisse of werkloos is, ondervind hulle probleme met die aankoop van klaswerkboeke, skryfbehoe-

tes, ensovoorts. Sommige maak gebruik van halfgebruikte klaswerkboeke van skollere.

Alhoewel die vergoeding van die fasiliteerders minimaal is, is hulle baie positief en propvol entoesiasme. Ondanks die finansiële probleme wat die leerders ondervind, gaan hulle volstroom voort. Tydens 'n besoek van die groep gedurende Biblioteekweek, het baie leerders by die biblioteek aangesluit en is steeds ywerige lesers. Dit is veral die handleiding oor die lees en skryf van briewe wat groot aftrek geniet. Daar is egter 'n dringende behoefte aan meer boeke vir die nuutgeleerde.

Dit was ook verblydend om te verneem dat sestien persone aangedui het dat hulle in 1997 by die geleterdheidsprojek wil aansluit. Addisionele fondse word egter dringend benodig.

...in Clanwilliam

In die Clanwilliam omgewing is daar tans drie groepe - twee op plase en een in die dorp wat saam uit omtrent 30 ywerige en geesdriftige leerders bestaan.

Die drie fasiliteerders is opreg trots want sewe van hul leerders (uit al drie groepe) het 'n belangrike mylpaal bereik, naamlik om hulle eerste eksamen af te lê. Dit het gepaard gegaan met baie senuagtigheid, al het hulle eers 'n proefeksamen geskryf. Daar is omtrent bontgestaan om moed in te praat maar hulle is daardeur.

Na die eksamen het almal 'n sug van verligting geslaak en menige het geroep: "Dank die Heer, dis verby!" Nou sien hulle uit na die uitslae sodat hulle behoorlik kan feesvier.

TRAINING

Kursus in Boland

Gedurende Oktober is 'n kursus wat handel oor interpersoonlike vaardighede by Kleinmond Biblioteek deur

Chris Visser van die Direkoraat: Menslike Hulpbronontwikkeling aangebied. Alle bibliotekarisse was as toesighouers funksioneer, is na die kursus uitgenooi.

Dit was 'n intensiewe kursus wat oor 'n tydperk van twee en 'n halwe dae gestrek het. Selfbeeldbou, selfhandhawing, konfliktheringering en ander bestuurstechnieke is bespreek.

Op die laaste dag het die kursusgangers die geleentheid gekry om dit wat in die teorie aangebied is, toe te pas deur middel van rolspeler. Almal was dit eens dat dit een van die beste kursusse was wat hulle al bygewoon het.

Dagseminaar vir De Aar

De Aar Streekbiblioteek het op 5 November 1996 'n dagseminaar met die tema, *Die pad voortoe*, vir al die openbare biblioteke in De Aarstreek aangebied. Die seminarie het begin met 'n sessie deur Dick Scholtz, hoofbibliotekaris, waarin hy verduidelik het waar die Noord-Kaapse Provinsiale Bibliotekdiens vandag staan.

'n Lesing is aangebied oor bibliotekoriëntering. 'n Praktiese sessie het gevolg en elke bibliotekaris moes 'n Kersboomkie maak (foto op bladsy 11). Die streekpersoneel het 'n poppekasvertonning aangebied en daarna moes elke groep een aanbied.

Die seminarie is afgesluit met 'n voorlesing en bespreking van Babette Cole se *Mamma het 'n eier gelê!*

Kursus in interpersoonlike vaardighede

Al die groter biblioteke van die Vanrhynsdorp-, George-, Mosselbaai-, Oudtshoorn- en Beaufort-Wesstreek het vanaf 27 - 29 November 1996 in George 'n kursus in interpersoonlike vaardighede bygewoon. Die kursusleier was Chris Visser.

Die kursus was besonder

prakties, aangesien elkeen die geleentheid gekry het om aktief deel te neem, hetsy deur rolspeler of deur die lewering van insette.

Tot almal se verbasing is daar met die belangrike rol wat 'n mens se selfbeeld in die biblioteekberoep speel, begin. Die belangrikste vaardighede wat aangeleer moet word, is om 'n konfliktsituasie so te hanteer dat jy steeds selfgeldend optree. Heelwat tyd is ook aan konfliktheringering spandeer.

Almal het gebaat by die kursus en het die belangrikheid om interpersoonlike vaardighede te ontwikkel, terdeë besef. Die formaat en aanbieding van die kursusse was puik en dit was 'n gave geleentheid om met kollegas uit ander dele van die Wes-Kaap kennis te maak.

FORUMS

...in Boland

Al die streke in die Boland het onlangs forums gehou en daar was heelwat raakpunte.

Fondse bly 'n probleem en dit is op drie forums bespreek. Die toeloop van skoolkinders veroorsaak dat meer druk op die voorraad en die reeds te min bi-

blioteekpersoneel geplaas word.

Biblioteke het ook 'n behoefte aan nouer samewerking onderling en daar word gekyk na die uitruil van idees vir uitstallings, asook onderlinge leen van boeke tussen biblioteke op dieselfde dorp of moontlik selfs van buurdorpe. Laasgenoemde sal slegs in noodgevalle geskied.

Afrikaanse boeke bly 'n probleem by al die streke en oplossings om die slytasie te verminder kon nog nie gevind word nie. Aansluitingsprosedures verskil ook van biblioteek tot biblioteek en van die forums wil na eenvormige prosedures kyk.

Al die forums het ook kennis geneem van die komitee wat aangestel is om die standaard te hersien en daar is 'n beroep op almal gedoen om hul samewerking te verleen met die meting van die werkslading.

Geleterdheidsklasse was nog 'n aangeentheid wat aandag geniet het en raad is uitge-ruil.

...op Doringbaai

Die bibliotekarisse van die Vanrhynsdorpstreek het gedurende November 'n fo-

rumvergadering in Doringbaai, 'n skilderagtige dorp, naby Strandfontein aan die Weskus, bygewoon.

Martie-Louise Hunlun van Vredendal was eerste op die program en sy het haar geliefde leesgoed met almal gedeel. Haar gunsteling boeke is een vir een uit 'n groot boepensmandjie gehaal en sy het onderhoudend daaroor gesels...van **Fingerprints of the Gods**, **Genesis** en die **Big Bang**, **The little Zen companion to Women who run with the wolves**, **Miss Smilla's feeling for snow** en **The horse whisperer**.

Sophie Malan van Vredendal Biblioteek, was volgende aan die beurt. Sy het oor uitmuntende dienslewering aan die leerspubliek gepraat. Sophie het 'n meningspeiling oor die standaard van dienslewering by haar biblioteek gedoen en die resultate daarvan bespreek. Sy het verder ook goeie wenke gegee om altyd jou beste diens aan die publiek te lewer.

Kommunikasievaardighede is prakties deur Reynel van Wyk van Doringbaai Depot gedemonstreer deur almal twee-twee rolspeler te laat doen. 'n Blokkiesraaisel getiteld *Die legkaart van voortreflikheid*, is uitgedeel en daar is omtrent kop gekrap om dit op te los. Hoofbibliotekaris Linda van Zyl, het die beleid vir openbare biblioteke bespreek en almal het lekker saam gesels oor boekwa-besoek, probleme met tydelike leners, opleiding vir 1997 en allokasies.

Praktiese demonstrasies met die oog op Kersfees was een van die hoogtepunte van die dag en Linda van Zyl het die maak van Kersfeeskartjies gedemonstreer. Elize Burger van Graafwater het 'n lieflike tafeluystalling gemaak en verder ook die maak van kersklappers en versierings gedemonstreer. Lizette Botha van Lambertsbaai het gewys

Plattelandse stadsklerke kom byeen



Provinsiale Bibliotekdienspersoneel en stadsklerke by 'n konferensie wat in Oudtshoorn gehou is as deel van 'n reeks konferensies vir plattelandse stadsklerke

hoe om engeltjies van afvalmateriaal, papier en lap te maak en almal veras deur vir elkeen 'n klein engeltjie saam te gee huis toe. Marie Mostert van Klaver het gedomstreer hoe om boekmerkies van ou kaartjies te maak. Sy verkoop dit om haar biblioteekfondse aan te vul. Elza du Preez van die streekbiblioteek het die maak van Kersvaders uit ou koeldrankbottels gedemonstreer en ge wys hoe om 'n Kerstoneel in 'n doos uit te beeld.

'n Heerlike seekos middagete is genuttig waarna die bibliotekarisse afskeid geneem het van mnr Claasen wat dertig jaar lank die drywer van die streek was en beslis deur almal gemis sal word. Die dag is afgesluit met 'n inspirerende video van Leo Buscaglia.

Die nuwe forumbestuur vir 1997 is soos volg:
Lizelle van Zyl - Voorsitter
Elize Burger - Ondervoorsitter
Rosie Blankenberg - Sekretaris
Reynel van Wyk - Ondersekretaris.

Die forum het sy dank aan Sophie Malan en Nellie de Kock uitgespreek dat hulle hulle die afgelope twee jaar as onderskeidelik, voorsitter en sekretaris, uitstekend van hulle taak gekwyt het.

Plaaslike leiers kom byeen

Op 7 November 1996 het die Provinsiale Biblioteekdiens: Wes-Kaap 'n seminar vir plaaslike owerheidsvertegenwoordigers by die CJ Langenhoven Gedenkbioteek op Oudtshoorn aangebied. Hierdie was die laaste van drie seminare wat in die drie beheergebiede aangebied is.

Die seminar is bygewoon deur 35 verteenwoorders van De Rust, Bo-Langkloof, (Uniondale, Calitzdorp, George, Knysna, Mosselbaai, Groot Brakrivier, Albertinia,

Riversdal, Heidelberg, Caledon, Beaufort-Wes, Touwsrivier, asook die Provinsiale Biblioteekdiens.

Johan Swiegelaar, assistent-direkteur, het die seminar ingelei met 'n praatjie oor *Die rol van die openbare biblioteek in 'n veranderde gemeenskap*. Johnny Jacobs, hoofuitvoerende beamppte, Riversdal Munisipaliteit het oor die belangrikheid van goeie kommunikasie tussen rolspelers gesels.

Susan Marais, stadsbibliotekaris van George het gepraat oor *Verhoudings waarin die openbare biblioteek staan: Bibliotekowerheid en publiek*.

Die Provinsiale Biblioteekdiens en die rol van die streekbibliotekaris is deur Linda van Zyl, hoofbibliotekaris: Outeniqua Beheergebied, bespreek.

Johan du Plessis, assistent-direkteur, wat ook as voorsitter van die seminar opgetree het, het inligting oor rekenarisering van plaaslike openbare biblioteke verskaf en genoem dat by die Biblioteekdiens aansoek gedoen kan word vir die gratis verskaffing van die hardeware vir rekenaars wat nodig word. Die beskikbare voorraad vir die huidige boekjaar is egter reeds uitgereik.

Ter afsluiting is biblioteekstandaarde, takbiblioteke, sekuriteit, gebruikersgeld vir landelike lede, asook die toekoms van die openbare biblioteke kortliks deur die aanwesiges bespreek.

MISCELLANY

Boekeveiling

Die restaurasiefonds van die Hugenote Gedenkskool in Dal Josafat het 'n goeie hupstoot gekry toe ongeveer R20 000 ingesamel is op die eerste boekeveiling wat op 16 November in die Nasionale Pers Sentrum in Kaapstad gehou is.

Bykans 500 boeke (uit meer as 1 000) wat sedert Julie

vanjaar deur **Woonburger** (naweekbylae van **Die Burger**) as skenkings van lesers ontvang is, is deur die bekende skrywer, Abraham deVries, as afslaer opgeveel. 35 lotte is aangebied vir verkoping en dr. John Kannemeyer en Wium van Zyl het om die beurt in 'n neutedop oorsig gegee van elke pakkie se inhoud.

Daar was belangstelling van, onder andere, plaaslike universiteite, privaatpersone (ook Engelssprekendes) asook kopers wat met katalogus in die hand oor die lug gebie het.

Hollands-Afrikaanse literatuur van die Genootskappers van die Paarl, versamelde werke van JHH de Waal, *Kwarteeu*-reeks van skrywers uit die Tweede Taalbeweging, mev Dijkman se kookboek asook werke oor die Tweede Vryheidsoorlog het goeie afrek gekry. Ondertekende kopieë

van Boerneef en DJ Opperman was vir sy koper dié hoogtepunt van die dag. Die eerste uitgawe van die **Versamelde Werke** van Langenhoven het 'n rekorddrag van R4 000 behaal. WA de Klerk, die bekende skrywer, was die groot gees wat reeds vier dekades gelede inisiatief geneem het in die projek om die Gedenkskool te red. As huldeblyk aan hom is 'n volledige versameling van sy werke opgebou om bewaar te word as die WA de Klerk versameling.

Hierdie werke, asook sketse van Honiball en 500 bottels goeie wyn sal gedurende die Kleinkaroo Kunstefees in Oudtshoorn in April vanjaar opgeveel word. 'n Opwindende veiling is afgesluit met gratis sjerrie, 'n ligte middagete, koffie en soetgoed.

ADULT LEARNERS' WEEK

Although lifelong learning is the cornerstone of the government's education policy, the schooling framework is dominant with fewer resources being allocated to adult education. Adults in their role as parents should be the first to establish a culture of learning within the family and the community. Adult Learners' Week (ALW) is an easy way for people and organisations to become involved in the nationwide promotion of adult learning.

To get involved simply write to the Adult Learners' Week Central Office, c/o Leaf College, 46 Rouwkoop Road, Private Bag X8, Rondebosch 7700 or telephone (021) 689 - 4838 or fax (021) 689 - 8777. They will welcome any ideas and suggestions from all interested parties. By making this, the second Adult Learners' Week, an even bigger success than the first you will be contributing directly to the reconstruction and development of our country.

Opleiding by De Aar

Regs: Personeel met hul voltooide Kersboompies

Onder: Openbare biblioteekpersoneel hard aan die werk tydens die praktiese opleidingsessie



Deelnemers by hul versierde vissies wat deel van die vierings van Marine-dag in Stilbaai Biblioteek was



Vrolike Goue Jare-tee

Hier sit Lentekoning Bertus Liebenbergh van Oranjehof Ouetehuis en Lentekoningin mev Masasa van die Paballelo Opleidingsentrum na hul kroning tydens die Goue Jare-tee

Links: Elke gas het 'n sonneblom met 'n boodskappie ontvang

Regs: Die wenboekmerk wat deur Johan Bezuidenhout van die Primêre Skool Voorpos in Upington ontwerp is



BIBLIOTEEKURE
UPINGTON BIBLIOTEK
MUTUALSTRAAT
MAAN - VRY 08:30 - 17:30
SAT 09:00 - 12:00
TEL: 26911 X 2153

FORUM BIBLIOTEK
KEIMOSWEG
MAAN - VRY 09:00 - 18:00
SAT 09:00 - 12:00
TEL: 391892 X 213

PABALLELO BIBLIOTEK
KINGSTRAAT
MAAN - VRY 09:30 - 13:00
SAT 14:00 - 17:30
TEL: 26911 X 2141

LIBRARY HOURS

UPINGTON LIBRARY
MUTUAL STREET
MON - FRI 08:30 - 17:30
SAT 09:00 - 12:00
TEL: 26911 X 2153

FORUM LIBRARY
KEIMOSWEG
TEL: 391892 X 213

Boeke is vir my soos
Kunsmis hoe meer
jy toedien, hoe groter
groot die boom van Kennis

(Martien Vlok)
Hoofskool Upington

Books are the quality of life
(Erika Hanekom)
Leerskool Oranje-Noord

Ukufunda incwadi sisisithixo Sempumelelo
(Choice Ncembu)
Hoofskool Upington

Dibuka di bulela wena di tseli tseli tonna
(Johan Bezuidenhout)
Primêre Skool op die Voorpos

Koningskroon
Amptelike
Hoofskool Upington

Krisis of rookskerm? Die feite

'n Terugblik oor die gebeure wat tot die huidige onbevredigende stand van sake in die Wes-Kaapse Biblioteekdiens gelei het

Frans van der Merwe

Direkteur
Biblioteekdiens:
Wes-Kaap

Presies 'n jaar gelede het die voorblad van 'n plaaslike koerant die berig uitgebasuin, *Cape Libraries in chaos*. Hierbenewens het die finale implementering van die rasionalisasie- en verstrekkingsproses van die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap vandeemaand beslag gekry toe die Biblioteekdiens sy status van die afgelope paar jaar verloor het en na 'n subdirekoraat afgegradeer is.

Dit is nou die aangewese tyd om die vraag te beantwoord of daar regtig 'n krisis of chaos heers soos sommige beweer en of dit bloot 'n rookskerm is waaragter geskuil word soos andere weer te kenne gee.

Biblioteekgebruik

Geen ander instelling in ons provinsie as die openbare biblioteek kan waarskynlik daarop aanspraak maak dat soveel mense, oud en jonk en van alle vlakke van die gemeenskap, vrywillig verkies om van sy dienste gebruik te maak nie - 28 persent van die totale bevolking van die Wes-Kaap is geregistreerde openbare biblioteekgebruikers in vergelyking met die gemiddelde nasionale syfer van slegs 8,8 persent - Noord-Kaap met 15 persent is tweede en daarna Gauteng met 12 persent. Alhoewel slegs nege persent van ons land se totale bevolking in die Wes-Kaap woon, beskik die Wes-Kaap oor meer as een uit elke vier geregistreerde openbare biblioteekgebruikers in die land, naamlik 27 persent. Gauteng is tweede met 17 persent van die land se bevolking en 24 persent van die land se geregistreerde biblioteekgebruikers.

Verdeling en rasionalisasie

Die verdeling van die bedieningsgebied van die voormalige Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens in vier nuwe provinsies, het noodwendig veranderings en aanpassings genoedsaak. Die formule waarvolgens alle hoofkantoorbates, van personeel tot by boeke, meubels, toerusting en helaas selfs ook van kunswerke tot by vullisblikke verdeel moes word, was die volgende:

Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap	Noordwes
56 persent	31 persent	12 persent	1 persent

Hierdie formule het nie werklike gebruiksyfers in aanmerking geneem nie, maar is op bevolkingsgetalle gebaseer en het alle funksies van die voormalige Kaapse

Provinsiale Administrasie ingesluit, waaronder hospitale, paaië, werke, natuurbewaring, museums, plaaslike bestuur en onderwys.

Die uitwerking van die verdeling op die Biblioteekdiens, met sy sterk sentrale funksie, het waarskynlik groter gevolge as vir enige ander provinsiale funksie. Alhoewel die verwagte negatiewe gevolge vooraf onder die aandag van besluitnemers gebring is, is dit desnieteenstaande toegepas.

'n Lang en traumatiese proses het begin. Volgens die ooreengekome formule moes 53 poste aan die ander drie provinsies afgestaan word en personeellede waarvan hul poste as 'botallig' geïdentifiseer is, is ingevolge 'n onderhandelde basis tussen die regering en die vakbonde, in kennis gestel dat hulle 'n ander heenkome moes soek. Die basis waarvolgens spesifieke poste geïdentifiseer is, was dat dié personeellede met die jongste dienservaring in die staatsdiens, eerste hul poste moes ontruim.

Mens wonder of daar al ooit in die verlede van 'n biblioteekdiens verwag is om in 'n rasionalisasieproses soveel jong en hoogs bekwame personeellede, wat spesiaal weens hul vaardighede vir die spesifieke poste gekeur is, te moes aanmoedig om hul poste te ontruim en elders 'n heenkome te gaan soek. Die negatiewe gevolge van hierdie stap, nie net op die betrokke personeellede self nie, maar ook op kollegas, op dienslewering aan openbare biblioteke en op die algemene moraal binne die Biblioteekdiens, sal waarskynlik nog vir baie jare 'n letsel laat en moet beslis nie onderskat word nie.

Die gedwonge saambondeling van die Biblioteekdiens op 1 Maart 1995 in 'n nuwe departement, was van die begin af gedoem, aangesien daar werklik geen raakpunte tussen onversoenbare komponente was nie. Daar is nou na bykans twee jaar van hierdie gedwonge integrasie, geen sigbare bewyse dat biblioteke werklik as 'n vennoot en nie bloot as lastige 'bagasie' aanvaar is nie. Die maontlike inskakeling van biblioteke onder plaaslike bestuur kan gerus weer 'n slag ondersoek word.

Protesaksies

Biblioteekforums en openbare bibliotekarisse het spoedig hul solidariteit met hul kollegas by die Provinsiale Biblioteekdiens begin ton toedienlewering aan hul biblioteke nadelig beïnvloed is. Allerlei aksies is van stapel gestuur om biblioteekgebruikers en besluitnemers van die gevolge van verstreking en rasionalisasie bewus te maak. Koerantopskrifte het vir weke lank bibliote-

karisse se boodskappe verkondig, naamlik *Kaapse biblioteke begin protes oor rasionalisasie; Spyster in doodkis vir biblioteke geslaan; Biblioteke in knyp omdat Kapenaars soue lees; Biblioteekdiens is van volgende jaar 'n sinkende skip; Biblioteke in groot krisis; Sonder biblioteke ly gelettertheid; Is biblioteke se dae getel?* en nog vele meer.

Ander instansies het ook intussen tot die debat toegetree, waaronder die Provinsiale Biblioteekadviesraad en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI). Die Biblioteekadviesraad het vertoë aan die Premier van die Wes-Kaap gerig en benewens 'n memorandum aan die Minister van Onderwys en Kultuur, het 'n subkomitee van die raad, asook die volle raad self, verskeie kere met mev. Martha Olckers in hierdie verband samesprekings gevoer. SAIBI op sy beurt het 'n direkte beroep op Premier Hennis Kriel gedoen om in te gryp in die dreigende biblioteekkrisis.

Politici reageer positief

Dat al hierdie vertoë simpatieke oorweging geniet het, blyk duidelik uit die Premier en die Minister se onderskeie reaksies. Die Premier se skriftelike antwoord op 28 September 1995 aan SAIBI lui, onder andere:

"Senior amptenare van die Direktoraat Biblioteekdiens het op versoek van mev. Olckers op 30 Augustus 1995 'n voordrag oor die aangeleentheid aan die Kabinet gedoen en ek wil u verseker dat daar begrip vir die probleem bestaan, asook die hoogste waardering vir die rol van biblioteke in die gemeenskap. Een van die stappe wat reeds geneem is, is 'n dringende ondersoek na die diensstaat van die Biblioteekdiens wat teen 15 September 1995 voltooi is. Hierdie ondersoek het daartoe gelei dat aanvullende personeel in diens gestel kan word sodat die hoë vlak van dienslewering aan die inwoners van die Provinsie, soos in die verlede voortgesit kan word."

Ook verbydend was die Minister van Onderwys en Kultuur se persverklaring op 15 September 1995, op die vooraand van die jaarlikse SAIBI-konferensie in Kaapstad. Dit lui soos volg:

"At the request of Mrs Martha Olckers the Department of Environment and Cultural Affairs: Western Cape asked for an incisive post analysis within the Directorate Library Services. The investigation is the result of the negative impact the division of the old Cape Province (into three new provinces) had on the number of posts within the Western Cape. A great number of posts were transferred to the other provinces which resulted in 57 personnel members in the Western Cape being declared redundant, and therefore facing dismissal. The expected dismissals did not only have a negative impact on the morale of the staff, but also threatened to disrupt the services of this very important public service.

A work study post analysis within the Library Services was completed within 14 days. According to this scientific needs assessment, the transfer of posts to other provinces proportionately hampered the personnel situation within the Western Cape Library Services. The investigation furthermore ruled that it is justified to create an additional 48 posts within the Library

Services. These 48 additional posts will ensure that the number of redundant personnel will be limited to only a handful of people. It is expected that the personnel members will be accommodated satisfactorily elsewhere within the province. Such a step also ensures that this very important public service to the citizens of the Western Cape will continue without any unnecessary restraints. Funding for the additional posts is currently available from the budget of the Department of Environment and Cultural Affairs: Western Cape."

Gedurende die tweede helfte van 1995 het personeelmoraal 'n laagtepunt bereik en het dit 'n direkte invloed op produktiwiteit gehad. Agterstande het al groter geword soos personeel, oor wie se koppe 'n swaard van af-danking gehang het, die Biblioteekdiens begin verlaat het. Teen die einde van 1995 is 'n absolute laagtepunt bereik toe, byvoorbeeld, slegs 16 000 nuwe boeke in Desember geprosesseer is in plaas van die beplande 38 000. Die grootste sigbare krisis in daardie stadium was baie beslis die meer as 300 000 nuwe boeke wat reeds opgehoop het - daar was net nie genoeg personeel om die aangekoopte boeke uit te pak, fakture te kontroleer, te katalogiseer en te klassifiseer en fisies te prosesseer sodat dit aan openbare biblioteke voorsien kon word nie.

Die positiewe seine wat die reaksies van die Premier en Minister uitgestuur het, is egter aan die einde van 1995 verder versterk toe die Provinsiale Kabinet op 6 Desember 1995 formeel 48 bykomende poste vir die Biblioteekdiens goedgekeur het - dié besluit is hier na die Provinsiale Dienskommissie verwys en daar kon dus met groter optimisme na 1996 uitgesien word.

Krisis duur voort

Die voortlepende sages het ongelukkig nie 'n positiewe wending geneem nie, maar het steeds voortgeduur. Navrae en vertoë oor die rede van vertraging het nie veel opgelewer nie en aan die begin van Julie 1996 is die Biblioteekdiens vir die eerste keer skriftelik van die Provinsiale Dienskommissie se besluit in kennis gestel, naamlik dat die 48 bykomende poste geskep word, maar dat "implementering daarvan gevries word totdat die Departement van Omgewing- en Kultuursake 'n gelyke getal poste of meer met dieselfde geldwaarde of hoër vir afskaffing as 'n teenprestasie aanbied en verder dat laasgenoemde poste befonds moet wees."

Hierdie besluit het inderwaarheid daarop neergekom dat die Kabinetsbesluit oor die skepping van bykomende poste, asook die Minister van Onderwys en Kultuur se persverklaring van 15 September 1995, finaal nietig verklaar is.

Stappe om die krisis te hanteer

Vergaderings, werkwinkels, strategiese beplanningsessies en konferensies om die personeelkrisis te probeer bestuur, was aan die orde van die dag. Dit was egter nie moontlik om enige ooreengekome bestuursplan te implementeer nie, aangesien die doelpale ten opsigte van

Teen die einde van 1995 is 'n absolute laagtepunt bereik toe, byvoorbeeld, slegs 16 000 nuwe boeke in Desember geprosesseer is in plaas van die beplande 38 000

personeelgetalle - bykomende personeel, sowel as die vulling van bestaande vakatures - telkens net verder verskuif word en die beleid in hierdie verband aan die einde van November 1996, toe hierdie artikel geskryf is, nog steeds onduidelik was.

Goedkeuring is intussen verkry om 30 tydelike werkers vir 'n periode van ses maande aan te stel om behulpsaam te wees met die prosessering van boeke en aan die einde van November 1996, toe die kontrak verstryk het, het die totale agterstand na 58 000 boeke gekrimp.

Benewens die 30 tydelike werkers, het verskeie openbare bibliotekarisse, van oral oor die Provinsie, sedert Januarie 1996 begin om bystand te verleen deur boeke te help uitpak, met die fisiese voorbereiding te help en selfs ook met die katalogisering en klassifikasie daarvan. Personeel van die Provinsiale Biblioteekdiens, van die hoogste tot die laagste rang, selfs ook van elke streekbiblioteek buite Kaapstad, het ingespring om te help en daar is ook van vrywillige diensorganisasies gebruik gemaak, van die Vriende van die Biblioteek, sowel as van persone wat gevinnis is om gemeenskapsdiens te verrig.

Die Provinsiale Biblioteekdiens is saam met biblioteekgebruikers baie dank verskuldig aan almal wat vrywillig hulp verleen het - hierdie positiewe gesindheid verdien ons hoogste waardering!

Meer vakatures

Enige vooruitsig op bykomende personeel is aan die einde van 1996 finaal die nek ingeslaan toe nuwe riglyne ingevolge die Sentrale Regering se beleid om die Staatsdiens te verskraal, aangekondig is. Hiervolgens moet die Biblioteekdiens se afgeskaalde diensstaat teen Junie 1997 verder met 12 persent ingekort word - hierdie verdere afskaling geld vir die totale diensstaat en nie net vir die hoofkantoorposte van die sentrale organisasie nie.

Geen vakature - sommige poste is reeds vir etlike maande vakant - mag dus gevul word voordat hierdie mikpunt nie eers bereik word nie. Die meeste vakatures is in kritieke gebiede en kan nie langer vakant gelaat word sonder uiters ernstige nadelige gevolge op dienslewering aan openbare biblioteke nie.

Gevolge

Die praktiese gevolge hiervan is dat in plaas daarvan dat die hoofkantoor die 48 goedgekeurde poste bykomend gekry het, moet die Biblioteekdiens teen Junie vanjaar nog 'n verdere 18 poste permanent afstaan wat dus sal meebring dat 'n goedgekeurde diensstaat van 196 personeellede, inderwaarheid afgeskaal word na 'n skamele 130.

Openbare biblioteke sal ongelukkig nie die gevolge van verstreking en rasionalisasie, wat die Provinsiale Biblioteekdiens tans bykans verlam, ongeskonde kan vryspring nie.

Die gevolge van die afskakeling van personeelgetalle vir openbare biblioteke is in hierdie stadium kortliks die volgende:

- Die navorsings- en geboubeplanningsafdelings is reeds gesluit, albei poste is afgeskaf
- Personeel in die reklame- en publikasieafdeling is met 66 persent ingekort - geen spesiale projekte sal voortaan onderneem kan word nie - pogings word egter aangewend dat die **Kaapse Biblioteek** deur 'n konsultant hanteer word, maar vanaf Januarie vanjaar sal daar ongelukkig slegs ses uitgawes in plaas van die vorige tien uitgawes per jaar, verskyn. Ten tye van hierdie skrywe is daar tans slegs voorsiening gemaak vir die eerste twee uitgawes in 1997
- Aanvrae vir biblioteekmateriaal wat nie in voorraad is nie, sal nie hanteer word nie - alle poste in die nasporingsafdeling is afgeskaf (interbiblioteeklenings word egter voortgesit)
- Dienste aan leeskringe is gestaak
- Die evaluering van biblioteekmateriaal sal minder intensief geskied, aangesien personeel met 33 persent ingekort is - vakspecialiste in musiek en kuns is ook afgeskaf
- Die verskeidenheid boektitels wat jaarliks aangekoop word, sal tot hoogstens 10 000 titels beperk word
- Die voortbestaan van etlike streekbiblioteke is in die gedrang, aangesien die pos van streekbibliotekaris by drie uit die veertien streke vakant is en daar 'n skaakmatposisie bestaan oor die vulling van enige vakature - die uitwerking hiervan kan katastrofies wees, veral aangesien die pos van streekbibliotekaris van die Tygerbergstreek, waarskynlik een van die mees bedrywige biblioteekstreke in die land, ook een van die vakante poste is.

Dat van 'n instelling vermag kan word om onder hierdie omstandighede sy normale diens te kan voortsit, is wensdenkig. Maatreëls word deurgaans getref om te verseker dat die verpligtinge van die Provinsiale Biblioteekdiens teenoor plaaslike owerhede ingevolge bestaande biblioteekwetgewing, so min as moontlik ontwrig word en dat die mees basiese diens, vir die onmiddellike toekoms voortgesit word.

Ander dele van die voormalige Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

Daar kan seker troos geput word oor die posisie in die Wes-Kaap as daar gekyk word na wat in die Noord- en Oos-Kaap en in Noordwes aangaan.

Die grootste dilemma in hierdie provinsies is die feit dat die befondsde biblioteekposte wat die hoofkantoor in Kaapstad aan hulle moes afstaan, nooit vir hierdie doel aangewend is nie. Toe kritiek uitgespreek is oor die biblioteekskrisis in die Noord- en Oos-Kaap, is die bewering selfs in die pers gemaak dat dit as gevolg van die feit is dat fondse en poste nooit deur die Wes-Kaap afgestaan is nie, alhoewel die verteenwoordigers van die betrokke provinsies dokumente onderteken het waarvolgens die verdeling gefinaliseer is. Hierdie ontkenning moet gesien word teen die agtergrond dat tydens onderhandelings oor die verdeling van bates, daar elke keer met nuwe verteenwoordigers onderhandel is en van kontinuiteit op bestuursvlak, geen sprake was nie.

Noord-Kaap

Hierdie provinsie beskik oor 'n hoofkantoor sonder enige personeel. Die hoofbibliotekaris van die streekorganisasie, saam met drie biblioteekassistente van die Kimberleystreekbiblioteek verdien 'n goue medalje vir wat hul probeer bereik, maar sonder simpatieke ondersteuning van die owerheid, is hul beskeie poging gedoem. Openbare biblioteke ontvang bykans geen nuwe boeke nie - so byvoorbeeld het Upington Openbare Biblioteek in 1994, die laaste jaar toe die ou Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens nog bestaan het, altesame 2 151 nuwe boeke ontvang, maar vir die periode Januarie - Julie 1996 slegs 'n skamele twaalf.

Oos-Kaap

In die Oos-Kaap is die situasie nie beter nie en Christine Malan, stadsbibliotekaris van Uitenhage berig dat die bestaande voorraad in haar biblioteek in 'n skokkende toestand is en dat dit met bykans geen nuwe boeke oor die afgelope 18 maande aangevul is nie. Ook op die gebied van provinsiale vakkundige voorligting gaan dit beroerd en by vier uit vyf streekbiblioteke is die pos van streekbibliotekaris vakant.

Noord-Wes

In die voormalige Vryburgstreek is die situasie waarskynlik die ergste. Die Provinsiale Regering vermag van munisipaliteite om hul eie boeke aan te koop - Vryburg Biblioteek het in 1994 byvoorbeeld 2019 nuwe boeke vanaf die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens ontvang - hierteenoor het hierdie biblioteek oor die afgelope 18 maande geen enkele nuwe boek ontvang nie, aangesien geen munisipale fondse beskikbaar is om biblioteekboeke aan te koop nie en die munisipaliteit tereg hierdie as 'n provinsiale funksie beskou.

Dat daar vandag nog openbare bibliotekarisse is wat ontken dat daar 'n krisis op ons terrein heers, is 'n miskenning van die werklikheid, of moontlik die nastrewing van eie doelstellings.

In die uitgawe van die **Library Association Record** van Julie 1996 word Johnny Jacobs, hoofbibliotekaris van Bellville-Suid Openbare Biblioteek aangehaal. In die betrokke berig word hy as lid van die Provinsiale Biblioteekadviesraad geïdentifiseer - mnr Jacobs verteenwoordig die Library and Information Workers' Organisation (LIWO), op die Adviesraad. Die berig verwys na 'n opname deur SAIBI na die sogenaamde krisis wat openbare biblioteke in die gesig staar, hoofsaaklik as gevolg van verstreking en rasionalisasie by Provinsiale Biblioteekdienste. Die betrokke berig lui: "Mr Jacobs believes the report laments the good old days and neglects to face the realities and challenges that the new service has inherited." He adds: "The fact that SAIBIS was eager to publish its findings internationally without even informing library and information workers makes me shudder at the paternalistic and egocentric intentions to maintain the status quo. The findings betray the transparent lack of commitment to democratising public libraries in South Africa." Indien mnr Jacobs reg aangehaal is, val sy stelling werklik vreemd op, aangesien hy deel was van meer as een afvaardiging van

die Provinsiale Biblioteekadviesraad aan die Minister van Onderwys en Kultuur om juis die krisis by die Provinsiale Biblioteekdiens met die Minister te bespreek.

Daar word 'n beroep gedoen op openbare bibliotekarisse om hulle te weerhou van uitsprake wat ons saak met verdere skade kan brokkel en liever toe te tree tot 'n debat waaruit positiewe aksies sal volg wat tot die voordeel van die gemeenskap wat ons dien sal strek.

Gevolgtrekking

Die besonder hoë gebruiksyfer van openbare biblioteke in die Wes-Kaap, wat gunstig vergelyk met Eerste Wêreldlande soos Nederland en die Skandinawiese lande, het nie vanself gekom nie, maar is bereik deur jare van toewyding - deur personeel van die Biblioteekdiens, sowel as van openbare bibliotekarisse - om doelstellings van die openbare biblioteek doelgerig te bevorder.

Dat daar waarskynlik 'n mate van sukses hiermee was, blyk dat meer as een uit elk vier geregistreerde openbare biblioteekgebruikers in Suid-Afrika in die Wes-Kaap woon. Volgens 'n onlangse ondersoek wat 'n Sondagkoerant met Premier Henus Kriel gevoer het, het hy die volgende gesê: "Een of ander bedingingsproses sal aan die gang gesit moet word dat prestasie beloon en nie gestraf word nie." Hierdie stelling kan ook direk op die Provinsiale Biblioteekdiens van toepassing gemaak word, aangesien die Biblioteekdiens se arbeidskragte afgeskaal word om by 'n nasionale norm in te pas en nie om in die behoefte van sy werklike biblioteekgebruikers, wat 200 persent meer is as die nasionale norm, te kan voorsien nie.

Aan toewyding en vernuwendende denke het dit by personeel van die Provinsiale Biblioteekdiens in die Wes-Kaap nog nooit ontbreek nie. Die huidige onsekerheid omstandighede rondom biblioteke in die Wes-Kaap, sonder enige riglyne, en soos dit wil voorkom, geen werklike begrip deur bestuurslui nie, het 'n verlamme uitwerking en kan nie langer voortleef nie.

Die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap word op 1 Februarie vanjaar afgegradeer en bevind hom nou op dieselfde vlak en in die geselskap van die heel klein provinsies, soos die Noord-Kaap en Mpumalanga - die Wes-Kaap met 27,7 persent van die land se totale biblioteekgebruikers teenoor Noord-Kaap se 3,4 persent en Mpumalanga se 3,2 persent is voortaan op 'n gelyke gradering. Daar word gehoop dat die afgradering van die Biblioteekdiens nie finaal alle besluitnemingsbevoegdheid, waar dit saak maak, uit die hande van bibliotekarisse sal neem nie - die praktyk sal dit baie gou kan uitwys! Die Provinsiale Regering se erns oor die rol van die openbare biblioteek in die gemeenskap moet nou ondubbelinnig praktiese gestalte kry - woorde moet in daad omskep word. □

Die biblioteekdiens bevind hom nou op dieselfde vlak en in die geselskap van die heel klein provinsies, soos die Noord-Kaap en Mpumalanga - die Wes-Kaap met 27,7 persent van die land se totale biblioteekgebruikers teenoor Noord-Kaap se 3,4 persent en Mpumalanga se 3,2 persent

Dit was egter nie moontlik om enige ooreengekome bestuursplan te implementeer nie aangesien die doelpale telkens net verder verskuif word

Public libraries in the Netherlands

An overview of public library-work and some final remarks about the international policy of NBLC

Leo Popma
Secretary General
Dutch Public
Library Association



Public libraries in the Netherlands are like elsewhere. Certainly, countries all over the world will have their own developments in library work, their own history and priorities, depending on national circumstances and their own cultural identity. But in essence internationally public libraries speak the same language.

Librarians share their ideals, their indefatigable devotion, that burning fire so to say. They share and bear their 'holy mission': you grant the free flow of information. And at the same time they have in common their daily troubles of having to convince others - authorities and other important beings - of future and effective implementation.

These common questions and differing problems will - no doubt - guarantee an interesting discussion.

What bothers the Dutch public libraries most these days is how to bridge the gap between mission and operation. We all know the United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) Public Library Manifesto (1994) as our bible, our common focus:

"Freedom, prosperity and the development of society and of individuals are fundamental human values. They will only be attained through the ability of well-informed citizens to exercise their democratic rights and to play an active role in society.

Constructive participation and the development of democracy depend on satisfactory education as well as on free and unlimited access to knowledge, thought, culture and information.

The public library, the local gateway to knowledge, provides a basic condition for life-long learning, independent decision-making and cultural development of the individual and social groups."

Could it be that the economic and administrative circumstances of the last two decades in the Netherlands in a way allowed libraries to develop to professional organisations on their own account? In the last few years we had to realise that we have to give up that more or less luxurious state of professional independence, and to realise too that the community asks for clear objectives and an effective contribution to

society. We know that we have to deal with local and central authorities about common goals in an increasingly complex society.

And although Dutch public libraries have had a certain tradition in library work for schools, for elderly people, illiterates and immigrants, we realise that we have to search the borders of our responsibility more seriously aiming at professionalism and effectiveness in our cooperation with the fields of education, illiteracy, the disadvantaged, et cetera.

A few years ago we commemorated the hundredth anniversary of the Openbare Bibliotheek/the Public Library in the Netherlands. Our ancestors in this profession aimed at general education of the people, in the liberal way of that industrialising period. In the economic boom of the sixties and seventies of this century in Western Europe our generation of librarians could probably give priority to the improvement of material aspects of librarianship. Nowadays we have to reflect on social issues again and we have to combine professionalism with social engagement.

Dutch librarianship has to be aware of the need to adjust its programme to an everchanging community, not only for reasons of financial cuts but also from the point of view of professional responsibility.

Public libraries - actual situation

The Netherlands is a small country compared with South Africa. Altogether 15 million people live in a geographic area twice the size of Gauteng Province, with a density of population of over 400 square kilometres. The country is administratively divided into 12 provinces and about 620 municipalities ranging from 7 000 to 700 000 inhabitants.

All over the country we count a number of about 1 250 local libraries, beginning from villages with 2 000 inhabitants. In addition there are 2 000 lending points of mobile libraries, 90 in number, serving hamlets and villages of 100 to 2 000 inhabitants in rural areas, or city-quarters or homes for the aged. Generally speaking every Dutch citizen is able to contact the public library network within a distance of five to eight kilometres. A dense library-network indeed. Overall 30 percent of the population is registered as library members.

Public libraries are mostly private organisations, foundations in general, governed by a private board of local people. Libraries are subsidised by the local authority at about 80 percent. Twenty percent of the

income consists of subscriptions and lending charges. Local authority on municipality scale is therefore one of the characteristics of the Dutch library infrastructure. That means that about 600 local library authorities are responsible for the primary provision in the national public library system.

On the provincial level there is a structure of eleven provincial library centres aiming at supporting local libraries, predominantly the smaller ones, in their management, staffing, administrative and professional affairs.

On the provincial level another phenomenon in the Dutch library structure is worth mentioning: thirteen city libraries with a supporting regional task in collecting and supplying specific scientific literature and interlibrary lending service.

The third level is the national one. The Central Government only has a responsibility for a couple of public library institutions on a national scale: the libraries for the blind, prison-libraries and the Association for Dutch Public Libraries (NBLC) consisting of the Dutch Library Association, on the one hand, and a facility service for supporting libraries on the other hand.

The NBLC is subsidised by the National Government in order to promote and to stimulate the coherence, the effectivity and quality of the library network as a whole. It also has to look after the common public libraries' interest in the Ministry of Education, Culture and Science, in the publishing and booksellers' sector and in other fields of interest like international relations.

Two years ago fortunately all kinds of libraries are brought together under one Ministry: the National Library as well as scientific and educational and public libraries. We have some expectations of that 'unification', concerning better cooperation between public libraries and education and in the field of technological innovation. In the years to come it will be clear whether our expectation and our pressure were realistic and convincing or not.

On a national level there is another important institution to be mentioned: the Dutch Library Service (NBD), a non-subsidised, more or less commercial enterprise for centralised acquisition, bookbinding and bookselling for nearly all Dutch libraries. What else about the national level? In short: we have a national library, an automated national central catalogue, the beginning of an electronic interlibrary network. No Library Act, no governmental Library Advisory Council. Nowadays public library work is embodied in general cultural regulations.

Libraries strategy

Three years ago Dutch public libraries became aware of threats and challenges they had to face.

Decentralisation of library work in the middle of the eighties from the central government to the municipalities now appeared to cause the first small tears in a golden network. The Ministry as well as our own Association realised that as result of this decentralising organisations had lost the power they had in the past.

Quality of public service, of staff, of collection, of library policy and corporate identity was becoming divergent.

Besides all the changes in public administration, also in the Netherlands, traditional structures are threatened. Meanwhile rapid developments in information technology and commercialising of information and the consequences in the long run for the public domain in the information provision, especially for the traditional public library, are becoming realities to be dealt with. And as I mentioned before, as result of serious questioning as to our social legitimation both by municipalities and by the central government, librarians had to become pro-active. Last year - after lively discussions within the Dutch Library Association - an agreement on a strategic plan was reached, ambitiously entitled *On our way to 2005*.

We decided to aim at three strategic goals for the first four years:

- Strengthening the public library network by arranging a classification of libraries and a common quality system of library services
- Developing a common market-policy, with priority-target groups, and a yearly corporate public campaign
- Starting a common innovative programme in providing new products and services to the public, mainly by means of digital and electronic media.

International relations

The National Dutch Library Association is active within several divisions and round tables of the International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA).

NBLC took the initiative to establish EBLIDA, the European Bureau of Library, Information and Documentation Associations.


In the course of time various contacts were developed all over the world. Two years ago we reformulated our policy to give priority to a limited number of regions, on the basis of political, historic, cultural and linguistic affinity, and in line with the international cultural policy of the Dutch Government.

So, at the request of the Government we are involved as counterpart in library projects in Surinam and Eastern Europe. We are continuing relations with the Netherlands Antilles, the overseas parts of the Dutch Kingdom.

Until now we did not realise the value of contacting one of our priorities, South Africa. Today we do. Fruitful discussions about the current development of library work in our countries could lead the way to possible future cooperation. □

every Dutch citizen is able to contact the public library network within a distance of five to eight kilometres

in essence internationally public libraries speak the same language



Public libraries in South Africa

First report on experiences in South African library work

Extracts from an address during the second workshop held during the visit by Dutch library delegates to South Africa in 1996

Leo Popma
Secretary General
Dutch Public
Library Association

Iize Swart
Chief Librarian
Bellville City Library

We were conscious of the fact that a visit to South Africa could not be regarded as library tourism. Especially not for people from the Netherlands, a country which had broken up cultural relations with South Africa for over twenty critical years.

Our study-tour intended to see and to learn about your work and your society and the role public libraries play in people's daily life. In addition we wanted to learn how we could possibly find ways to cooperate in the future and how we could contribute in a very modest way in supporting you in your mission - morally as well as materially.

Transformation process

After nearly one week in South Africa we must say that we arrived in an exciting country, with friendly people and lovely colleagues taking care of both our programmes and our personal well-being.

Important, however, is that after five days of intensive meetings and visits we are still confused about what is going on in South African society and library work and also by the tremendous transformation which is taking place in society and the huge task you as public libraries are faced with to play a constructive role in this process. We are touched indeed by the large contrasts and contradictions in society and library work.

During our visit to the South African Library we were further confused by Karel Schoeman, librarian and well-known writer, who said: "South Africa is on its way, but nobody exactly knows the direction. Nothing is stable. We are a society in creation."

You can imagine we are hovering between admiration for what has been realised on one side of the line

and wonder how comparable developments will be started on the other side.

And we cannot deny having been frightened by the severe tension we felt amidst the black librarians, and the disbelief among some of them that things in South African librarianship will really change. As your guests and therefore not competent to do so, we are aware we have to be modest in judging. It is not up to us. We realise what huge problems you are faced with, what efforts you have to make to effect that statement of the United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) Library Manifesto as their only objective point of reference that can be quoted to break through our confusion.

Programme of action

How can we face a common future, how can we possibly contribute to further developments in your country?

Much will depend on our Ministry of Culture, which stimulated us in organising this first meeting on national level between South Africa and the Netherlands and which called on us for proposals.

To arrange our thoughts and with regard to our experiences we come forward with four possible lines of action:

- An exchange-programme between South African and Dutch librarians
- Material support
- Improvement of relations between library and education
- Support of the illiteracy-programme.

You can imagine a contribution from the Netherlands can only be a modest gesture compared with the problems you are faced with.

Framework of cooperation

Some main conditions should be kept in mind coming to a plan of action, to be in line with the cultural policy of our two governments:

- RDP (the Reconstruction and Development Programme) of the South African Government will be the guideline for future cooperation

- Structural improvements should be aimed at
- Projects of cooperation should also aim at integration of black and white librarianship
- Projects should be organised as twin projects or something similar in order to have control of the results, and to stimulate librarians to develop competitively.
- Finally I would like to say some words about the first two mentioned areas of action.
- ▶ Exchange of experiences could start with a visit to the Netherlands by key persons in South African librarianship. Key figures should include persons involved in (matters of) new developments, both managers and barefoot librarians.
From a point of view of innovative professionalism or even of self-awareness it can be useful to go abroad and to be able to compare one's own library-developments with those in other countries.
- ▶ Material support: it is clear that provision of library facilities for the disadvantaged in their own areas is inadequate. An increasing number of people use libraries for doing homework due to lack of space in their own houses. Should this issue receive attention? Libraries for the disadvantaged need books and audio-visual materials to make their educational programmes useful. What could be done about that?

A discussion between South African librarians and the visitors followed on the four proposals and the main points are published:

Exchange programmes

- On the issue of exchange programmes it was agreed that these will be fruitless if there are no resources in South Africa so that one can apply one's newly acquired skills
- Not just key people but also the young and 'barefoot librarians' should be given the opportunity to travel
- If trainers were sent to South Africa, more people could be reached, but it will be difficult for the trainers who are not acquainted with local circumstances
- Exchanging students/staff members. South African students can go to the Netherlands, but perhaps it is a little premature for South Africa to receive students
- Dutch programmes for reaching non-users could be used locally.

Material support

- Funding is inadequate
- Can Dutch colleagues help South Africa to set up information networks to bring information to the man in the street?
- The role of Sabinet has to be clearly defined
- Technology is locally available - appropriate information is needed
- Investigate the possibility of 'twin projects' - multi-purpose integrated projects
- Joint publishing of a book suggested as project
- Lease books to avoid paying import tax
- Donations should be appropriate and the community consulted before accepting donations. Funds should be sent to a community or for a specific com-

- munity project and not to some larger organisation, for example, an RDP office
- Establish proper infrastructures, for example, use of containers as library space.

Public library and education

- Public libraries should move away from their traditional role, especially in developing communities and become agencies of social development. Traditional services were aimed at readers and the literate, but now all market segments should be provided for
- Circulation should not be the main instrument for measuring a library's performance. Performance measures taking all activities into account should be used
- Services to informal settlements. Enrolment of members is a problem - some have no fixed address. Informal settlements are to be incorporated in new local authorities. Appropriate services, for example, telephone, first aid, literacy classes, study facilities, etcetera should be established
- Mobile libraries will prove to be appropriate under certain circumstances, for example, rural librarians. Start a service with a mobile, that would be helpful for determining the location of a library building at a later stage
- In rural areas school community libraries may be more feasible
- Insufficient resources exist to support the formal education system. Importance of networking with education people emphasised cooperation at local rather than macro-level especially important.

Literacy

Promotion of reading and literacy has a different emphasis in Netherlands. Four to five percent are illiterate and approximately 18 percent are functionally illiterate. The emphasis is on promoting reading as reading skills lead to an alert, well-informed public and good cooperation with schools, libraries and community centres. The Department of Education is responsible for literacy in Netherlands.

- In South Africa there are many literacy programmes in circulation but no national coordination of programmes
- Librarians with their networking contacts are ideal agents for coordination of projects on local level, including literacy
- Nature of literacy training does not lend itself to large scale operations
- Provision of appropriate material for neo-literates presents a problem
- Share programmes to promote a love of reading and share results of projects. Programmes can be adapted to suit local circumstances.

South African public librarians welcomed the opportunity to meet with Dutch public librarians and are looking forward to future cooperation and exchange of ideas. □

We cannot deny having been frightened by the severe tension we felt amidst the black librarians, and the disbelief among some of them that things in South African librarianship will really change

In hulle verslag oor die werksbezoek van die afvaardiging van Nederlandse biblioteekbestuurders aan die Biblioteekdiens berig die here Middelveld en Nieuwenhuyzen dat die professionele ontvangs deur die bestuur almal beïndruk het.

Na die verwelkoming deur die direkteur, Frans van der Merwe, is die werksaamhede van die Biblioteekdiens met 'n skyfievertoning toegelig. Wat veral opgeval het, was dat daar nie, soos in Nederland, 'n onderskeid gemaak word tussen die diens aan stedelike en plattelandse biblioteke nie.

Elizabeth de Roubaix, boekkeurder, het die Biblioteekdiens se samewerking met uitgewers om kindereboeke in Afrikaans en Xhosa en grootdruk- en studieboeke in Afrikaans uit te gee, uiteengesit. Dit het die besoekers opgeval dat waar Nederlandse biblioteekdienste 'n keuse kan maak uit 'n oorvloedige hoeveelheid beskikbare boeke, daar ten spyte van samewerking met uitgewers nog steeds 'n nypende tekort aan boeke in bogenoemde kategorieë bestaan.

Johan Swiegeelaar, assistentdirekteur: streke, het daarna die vennootskap tussen die Biblioteekdiens en plaaslike owerhede uiteengesit. Die plaaslike owerheid sorg vir die personeel en die gebou en die Biblioteekdiens verskaf biblioteekmateriaal en voorligting. Dit het gou geblyk dat daar min verskil was tussen die Wes-Kaapse en Nederlandse situasie, aangesien provinsiale biblioteekdienste daar ook 'n soortgelyke diens aan openbare biblioteke lewer.

Liesel de Villiers, assistentdirekteur: sentrale organisasie, het die doel en funksies van die PALS-rekenaarsstelsel bespreek en gemeld dat 26 biblioteke reeds ten volle gerekeneriseer is en dat sowat 20 biblioteke jaarliks daaraan toegevoeg sal word. Sy het daarop gewys dat een van die belangrikste voordele van die PALS-stelsel daarin lê dat bronne onderling deur die 247 biblioteke wat by die Biblioteekdiens geaffilieer is, gedeel kan word.

Bemarking, reklame en die publikasies van die Biblioteekdiens is hierna deur Zirkëa Ellis, gewese assistentdirekteur, onder die loep geneem en die groep was erg ingenome met die strokiesprentboekie, **Haaita!**, waarin in verhaalvorm verduidelik word hoe die biblioteke gebruik moet word en watter dienste beskikbaar is. Sy het ook uitgewei oor die jaarlikse reklameveldtogte wat met Biblioteekweek geloods word. Die besoekers was hoogs beïndruk met die voorbeelde van die reklamemateriaal wat vir die onderskeie veldtogte ontwerp is, asook die wye verskeidenheid vakpublikasies wat uitgegee word.

André Steenkamp, adjunkdirekteur, het die implikasies van die verdeling van die voormalige Kaapprovinsie en die effek wat dit op die nuwe Wes-Kaapse Biblioteekdiens het, geskets en gemeld dat die groot uitdaging vir die toekoms daarin lê om van produksiegerigte na 'n aanvraaggerigte diens te verander.

Die besoekers was aangenaam verras deur die Voorbereidingsafdeling aangesien alle biblioteke in Nederland van 'n sentrale boekvoorbereidingsdiens, bekend as die NBD, gebruik maak.

Die besoek aan die Biblioteekdiens is afgesluit met 'n bespreking waartydens lede van die afvaardiging geleentheid gehad het om vrae te vra aan die onderskeie sprekers.

Tydens hulle besoek aan die Stadsbiblioteekdiens van

Die skrilte kontras tussen die ontwikkelde gebiede van Kaapstad en hierdie reuse woongebied met sy 85 000 inwoners, waarvan ten minste die helfte werkloos is, het almal nietermin erg onthuts gelaat

waar 'n soortgelyke verdeling ook plaasgevind het. Die Stadsbiblioteekdiens moes as gevolg van die verdeling van die Metropool in vyf gebiede, agt biblioteke afstaan en sou vyf biblioteke bykry, wat die aantal dienspunte op 33 takbiblioteke en 25 besoekpunte vir die drie reisende biblioteekwaens te staan bring. Die besoek aan die Stadsbiblioteek is afgesluit met 'n ete in die burgersentrum vanwaar die besoekers 'n pragtige uitsig op Robbeneiland gehad het en informeel kon gesels met personeel van die Stadsbiblioteekdiens.

Na 'n besoek aan Alexandra en Soweto buite Johannesburg was die afvaardiging voorbereid op wat hulle te wagte kon wees met hulle besoek aan die Langa Biblioteek. Die skrilte kontras tussen die ontwikkelde gebiede van Kaapstad en hierdie reuse woongebied met sy 85 000 inwoners, waarvan ten minste die helfte werkloos is, aldus die bibliotekaris, Virginia Kasana, het almal nietermin erg onthuts gelaat. Mevrou Kasana het ook verduidelik dat 'n groot aantal volwassenes nie van die biblioteke gebruik kon maak nie omdat hulle ongetletterd is en dat sy dus haar uitreikaksies toespits op die 12 skole in die woongebied. Nadat die besoekers met van die bibliotekegebruikers in gesprek was, was hulle opnuut getref deur die groot taak wat daar op biblioteke in woongebiede soos Langa wag.

Die Stadsbiblioteek van Bellville het vervolgens aan die beurt gekom. Met sy 110 000 inwoners, 19 laer- en agt hoërskole en twee universiteite, is 34 000 inwoners ingeskrewe biblioteeklede wat ongeveer 'n miljoen boeke per jaar uitneem. Na 'n verwelkoming deur die burgemeester en sy gade is almal op 'n rondgang deur die biblioteke geneem en was baie beïndruk met die geriewe en dienste wat hierdie groot stadsbiblioteek bied. 'n Baie insiggewende werkkonferensie met belangrike rolspelers uit die Wes-Kaapse biblioteekgemeenskap het ook hier plaasgevind.

Na 'n rit deur die pragtige landskap van die Kaapse Skiereiland, het die aankoms by die Ocean View Biblioteek buite Simonstad weer eens die ongeregtigheid van gedwonge afsonderlike woongebiede vir verskillende bevolkingsgroepe onderstreep. Net soos by Langa word hierdie gemeenskap met sy 25 000 inwoners ook gekenmerk deur werkloosheid, ernstige woningnood, armoede en misdaad. Jean Williams, die bibliotekaris, het verduidelik dat die biblioteke in alle opsigte op die gemeenskap en sy behoeftes gerig is. Biblioteekprogramme word gevolglik gerig op getletterdheids-onderrig, die uitleen van opvoedkundige speelgoed en legkaarte, die vertel van verhale en poppekasvertonings. Die primêre funksie van die biblioteke bly egter steeds die bevordering van lees, die verskaffing van inligting en hulpverlening met studie en ontwikkeling. Die biblioteek van Ocean View was vir almal 'n pragtige voorbeeld van hoe daar met die regte instelling ten spyte van gebrekkige fasiliteite en hulpmiddele berge versit kan word. □

Kaapstad was die afvaardiging teleurgesteld dat hulle die openbare biblioteek self nie kon besoek nie weens die feit dat omvangryke restaurasiewerk aan die gang was. In gesprekke met die direkteur van die Stadsbiblioteekdiens, Heinrich Heymann en sy personeel oor die invloed van die nuwe streeksverdeling op die diens, het dit geblyk dat daar groot ooreenkomste was met die Stadsprovinsie Rotterdam

Die hygroman: episode 2...

Gehyg, geweeë en lig bevind

"Dit is darem nie soos die Hipermark se opening toe die vrou soos hond en kat baklei het om tussen die bevrore hoenders te krap nie." So sê die vrou agter my in die lang ry wat net na agt wag vir 'n skoolsaal se deure om oop te gaan sodat boekwurms op Nasou se jaarlikse reuse-boekverkopung kan toesak soos kommando-wurms op 'n spinasie-bedding.

"Wag maar Sussie," sê my metgesel, veteraan van sulke verkopings. Sy het gekom, gegaan en is deur bleeksiele in die boekoorlog oorwin. Want kyk, by hierdie boekmark par excellence sien jy nie bruingebrande Blouberg-bimbo's en Clifton-konings nie.

In denkende afwagting staan die BBB - bleek beskaafde barbare. Soveel interessante Fair Isle-truie het ek laas in 'n breiboek bymekaar gesien.

Om van kepse, pette en die een enkele skewe beret nie te praat nie. Hier is soveel brille dat 'n mens glo Kaapse oogkundiges stroom in hul 4x4-voertuie na hul strandhuise op die dorp van dokters, Hermanus. Ruitjieshemde is duidelik ook deel van die aantrekkode van leestulstiges.

Vroulike kopers lyk meesal of hulle tot leeskringe kan behoort. Hulle het die verafkyk in hul oë van mense wat nie vir 'n duisendbladsy-roman skrik nie. Dapper ma's weerhou mini-lesers op soek na plastiese prentjieboeke om handgemeen te raak.

Lees Yuppies? Dis nou te sê iets anders as hul kredietkaartstate? Uiteindelik is ek in 'n selfoonvrye sone.

'n Man met 'n leer val in die ry en ek voel skielik sleg toegerus vir die slag. My vooruitsig versleg toe ek sien Ouboet is hier met Ouma se spesiaal toegeruste kruidentrollie. Ervare kopers met anekdotes oor sulke verkopings dra pensbeursies, sekerlik omdat hul hande vry moet wees vir die krapslag.

Iewers probeer 'n man verduidelik hier koop jy boeke per kilo, maar hy maak nie hond haar-af nie. Open Sesame! Die wondergrot is oopgegooi. Boekvrates verloor hul fyn opgevoede voorkoms en gekultiveerde biblioteekmaniere. Die Hipermarkopening lyk skielik soos 'n Sondagskoolpieknik.

Oopgesperde, lê kartondose word opgeraap. Hier koop jy nie per mandjie of per artikel nie. Jy pik en pak wat voorkom in stewige karton.

Die saal lyk soos 'n biblioteke wat bollemakiesie geslaan het. Boeke staan sonder aansien des skrywers op stapels op die vloer gepak.

Ek stroom saam en pak waansinnig. Hier draal jy nie. Jy bepeins nie titels nie. Jy oorweë nie literêre meriete nie. Jy takseer niemand op sy boekvoorblaadje nie. Jy onthou nie uitgelese resensies nie. Kom jy dalk weer by dié stapel uit, is die houpie net stof tot nadenke.

Hier kry jy wat jou hart al lank begeer en jou begroting jou lank negeer. Die nodige en die onnodige, die nuttige en die nuttelose. Jy koop resepteboeke waarvoor jy nog nooit kans gesien het nie. Raap 'n patroneboek op al kan jy nie onthou waar is jou naaimasjien nie. Kry die seerowerboek wat jou huis in 'n stereo-Skatkiseiland gaan verander. Raap 'n hygroman en dink dis in elk geval tyd vir jou eerste Wonderbra.

Jy struikel met jou vol kartondos en suwwe rug eenkant toe om ander swaargelaides te beklyk en te wonder hoeveel kilo's woorde dra jy. Is een boek gelyk aan min of meer 'n blok kaas?

Hoeveel blaie maak 'n kilo? Jare van koopvloewe het jou nie hierop voorberei nie. Jy plaas terstond die woordeboek terug. Hy is sy gewig in rande werd. Woord vir woord die duurstem item in jou kartondos.

Naas jou staan 'n diestklub-kandidaat en onderhandel om jou van jou resepteboek te verlig sodat sy versameling van sowat tien in die kartondos volledig kan wees. 'n Hoof van 'n stadsbiblioteek steier verby.* Kan dit so sleg met begrotings gaan dat verheve boeksiele hier soos die Kretie en Pletie moet snuffel? 'n Vrou met meer as dertig rolle kleeflint stap weg na 'n leeftyd van geskenke toedraai en boeke oortrek.

"Ek het al alles van haar geëes," sê die vrolike krulkopvrou met die kartondos vol Maretha Maartens. Ek dink onverwylde aan die vrou wat **The Sound of Music** tagtig keer gesien het en nie kon wag vir die video nie.


Ek sluit aan by die lang ry selfingenome en selfoldane kopers wat hul boeke glimlaggend op die skale laai asof dit kos vir die siel is. Niemand gaan hier met lêë hande uit nie.

Ek kyk nuuskierig hoeveel weë elke boek en reken so vinnig uit hoeveel gewig sommige skrywers se woorde per rand dra. Nogals 'n oefening in nederigheid vir elke skrywer. As die rand verder daal, het sommige skrywers hul alies gesien.

Die oomblik van waarheid breek aan. Voor my plaas 'n sportiewe blondine my mees onlangse magnum opus op die skaal. Ek sien ontugterd my pêrel van hygwyshyd is gram vir gram minder werd as 'n sakkie tamaties...

Jy kan maar sê op Nasou se boekmark het ek myself as skrywer geweeë. En te lig bevind... (Insig, November 1996, p. 54.)

* Die winskopie jagter-bibliotekaris, was niemand anders nie as Ilze Suart van Bellville.



Letter from Dublin



A stay in Dublin will tell you why Ireland has produced four Nobel laureates of literature

Cecily van Gend

I arrived in Dublin in the late afternoon to find a city in chaos. There had been a bomb scare in O'Connell Street, and the city centre had been cleared. Traffic crawled around the periphery. People stood in groups along the Liffey, gazing across the river.

I had left London that morning in similar chaos, in the throes of a tube strike, the city immobilised. But the reactions of the Londoners and the Dubliners could not have been more different.

Londoners in crisis-mode retreat even further behind the barriers erected around themselves to maintain their privacy. Their upper lips positively vibrate with the effort to stay rigid. Taxi queues snake around the block and double back on themselves. There must be dozens in the queue going in the same direction, yet, time after time, the cabs draw up, depositing their single passenger and picking up another. Londoners are stoically resigned. Better to be hours late for work than risk an intrusion of privacy by actually talking to someone.

In Dublin the atmosphere is quite different. Smiling Irish eyes meet those of strangers. We are all in this

together. Taxi queues are not permitted to grow longer than three or four people - passengers organise themselves into groups travelling in the same direction. Even I, who do not know in which direction I must go, only that I need to get to Trinity College, find myself in a cab, the driver cajoled into going out of his way to drop me there. The other passengers smile, they talk to me, they want to know where I am from, what I am doing here. My

soul, bruised by the hard, cold hostility of London reserve, is soothed, and I find myself smiling in response.

In his book *Mother Tongue* Bill Bryson says: "No country has given the world more incomparable literature per head of population than Ireland." He is right - for such a small, sparsely populated country, they do seem to have a disproportionately large number of

writers. After half an hour in the country you are no longer surprised by this phenomenon. Every Irishman is a storyteller. Words pour from them as naturally as Guinness from a tap. Each sentence uttered is sheer poetry, set to the music of soft, lilting voices.

Ireland has produced four Nobel laureates of literature - William Butler Yeats, George Bernard Shaw, Samuel Beckett and, most recently, Seamus Heaney. Many people believe that James Joyce would have been a fifth, had it not been for the war and his subsequent death. Just off the top of my head, the memorable Irish writers include: John Synge, Oscar Wilde, Sean O'Faolain, Liam O'Flaherty, William Trevor, Edna O'Brien, Jennifer Johnston, Frank Ronan, Roddy Doyle... The list is endless. But these are simply Irishmen who have bothered to put their words on paper.

I spent an afternoon in St Patrick's cathedral, where Jonathan Swift was Dean for twenty years. My visit was in the nature of a pilgrimage - I have always had a soft spot for Swift. I admire his passionate intensity, his espousal of unfashionable causes, his attacks on injustice and corruption, his fierce defence of the underdog, his wit, and the sophistication of his satire, which ranged from the subtlest irony to bitter vitriol. Those who think of him as a children's writer need to read *Gulliver's Travels* in the adult, unexpurgated version for its attack on the less attractive qualities of human nature. Or his *Modest Proposal*, in which he ironically suggests that the solution to the problem of poverty in Ireland would be to serve up the children of the poor at the dinner tables of the rich. He urged his countrymen to resist exploitation by the English. "Burn everything English except their coal," he advised.

In St Patrick's there is a memorial plaque to the Duke of Schomberg, who fell in the battle of the Boyne. It was erected at Swift's instigation, after fruitless appeals to the dead man's heirs to do so. The wording gives an insight into Swift's way of going about things: "Beneath this stone", it reads, "lies the body of Frederick, Duke of Schomberg, who was killed at the Boyne, AD 1690. The Dean and Chapter earnestly and repeatedly





Top right: An outside view of Bishop Marsh's Library, the first public library in Ireland

Top left: The entrance to Marsh's Library

Left: Note the beautiful shelves which house 25 000 books relating to the sixteenth, seventeenth and early eighteenth centuries

Bottom: The three elegant wired cages where readers were locked with rare books have remained unchanged since they were built nearly three hundred years ago





requested the Duke's heirs to undertake the erection of a monument in memory of their father. Long and often they pressed the request, by letters and through friends. It was of no avail. At long last they set up this stone that at least you may know, stranger, where the ashes of Schomberg lie buried."

When Swift died in 1745, he, too, was buried in St Patrick's. His epitaph reads: "Here is laid the Body of JONATHAN SWIFT, Doctor of Divinity, Dean of this Cathedral Church, Where savage indignation can no longer rend his heart.."

He lies near the body of his beloved Stella, his companion of almost 30 years. The exact nature of their relationship is still a matter for speculation. Swift first met her in 1689, when he was 22, and employed as secretary to the wealthy Sir William Temple. She was the daughter of his housekeeper, and eight years old at the time. In 1701 she came to Dublin, and lived in Swift's household until her death in 1728. Some say she was Swift's mistress, others that he married her secretly, others that she was

his half-sister, that they were both the illegitimate children of Sir William. We will probably never know the truth.

Also buried in St Patrick's is Swift's old enemy, Archbishop Narcisus Marsh. Swift was ambitious, and longed for a higher position in the English church - "a fat deanery, or a lean bishopric", but his outspokenness and politically unfashionable views held him back. He blamed the Archbishop for his lack of advancement.

From all accounts, Marsh does seem to have been cantankerous, and not a little arrogant. As well as being Archbishop of Dublin, he was Provost of Trinity College, and shortly after his arrival in Dublin, we find him complaining:

"But finding this place very troublesome partly by reason of the multitude of business and impertinent visits the Provost is obliged to make, and partly by reason of the ill education that the young Scholars have before they come to the College, whereby they are both rude and ignorant, I was quickly weary of 340 young men and boys in this lewd and debauched town."

He can't have been all bad, however, because he founded a library. Archbishop Marsh's

Library is right next door to St Patrick's cathedral. A charming Georgian building set in a garden of lavender and rosemary, it is the oldest public library in Ireland, having been built in 1701. In 1707 an act was passed by the Irish parliament entitled "An Act for Settling and Preserving a Public Library for ever".

It is a perfect example of a 17th century scholar's library, with dark oak bookcases, each having a carved and lettered gable surmounted by a mitre. There are three wired alcoves or 'cages' where readers could be locked with rare books. Originally, many of the books were chained to the shelves, each having a metal clasp, attached to a chain, on the other end of which was a ring which ran on a wooden rod attached to the shelf.

The basis of the collection is the library of Edward Stillingfleet, Bishop of Worcester, which was purchased by Bishop Marsh after his death for 2,500 pounds. Marsh left all his own books to the library, except for his valuable collection of Oriental manuscripts which went to the Bodleian Library at Oxford. The collection was subsequently increased by the addition of other important collections, and today consists of 25000 books relating to the 16th, 17th and early 18th centuries. These are mainly liturgical works of every description and in a variety of languages, but there are also books on medicine, law, science, travel, music and other subjects.

On the day of my visit there was a display of books on music, including an excerpt from the local newspaper, **Faulkner's Journal**, which appeared the day after the world premiere of Handel's **Messiah** in the New Music Hall in Fishamble Street on 13 April 1742. "...the most finished piece of Music, Words are wanting to express the exquisite Delight it afforded to the admiring crowded audience. The Sublime, the Grand, and the tender, adapted to the most elevated, majestic and moving Words, conspired to transport and charm the ravished Heart and Ear."

Dublin has given the English language two expressions which we use every day without stopping to wonder where they come from. In St Patrick's cathedral, leaning casually up against one of the supporting pillars, is an old wooden door. It was once the door to the Chapter House, and is known as the Door of Reconciliation. It is fairly insignificant looking - quite battered, with a hole smashed in the middle. The plaque beside it tells its history:

"In 1492, two prominent families, the Ormonds and Kildares, were in the midst of a bitter feud. Besieged by Gerald Fitzgerald Earl of Kildare, Sir James Butler, Earl of Ormond, and his followers took refuge in the chapter house of St Patrick's Cathedral, bolting themselves in. As the siege wore on, the Earl of Kildare concluded that the feuding was foolish. Here were two families worshipping the same God, in the same church, living in the same country, trying to kill each

other. So he called out to Sir James and...undertook on his honour that he should receive no villanie'. Wary of 'some further treachery', Ormond did not respond. So Kildare seized his spear, cut away a hole in the door and thrust his hand through. It was grasped by another hand inside the church, the door was opened and the two men embraced, thus ending the family feud. The expression 'chancing one's arm' originated with Kildare's noble gesture."


The other expression dates from the 12th century, which is when the Normans, having invaded England in 1066, began to move westwards into Ireland. Dublin became the centre of Anglo-Norman power, but, until the reign of Elizabeth I, control over Ireland was restricted to a narrow coastal strip surrounding Dublin, known as "the Pale". Beyond the Pale, the Celtic warriors remained unbowed, launching fierce attacks on the English stronghold from their encampments in the mountains of Wicklow.

A final illustration of the Irish knack for the apt turn of phrase: Scattered about Dublin is a series of statues of women. At the beginning of Grafton Street, Molly Malone wheels her barrow along, wearing a dress with a revealingly low neckline. She has been nicknamed "The Tart With the Cart". Across the river, at the entrance to the Halfpenny Bridge, is a little clearing with some plane trees. Resting on a bench in their shade are two Dublin housewives, stout and middle-aged, their shopping at their feet. They are "The Hags With Bags". And halfway up O'Connell Street, on the central island, is a statue to Anna Livia, James Joyce's Spirit of the River Liffey. She is larger than life, reclining in a bath with her hair about her shoulders, a fountain of water cascading and foaming around her. She is known to Dubliners as "The Floozie in the Jacuzzi".



Above right: The hags with bags
Left: Molly Malone - the tart with the cart
Right: Anna Livia - the Spirit of the Liffey, known as the floozie in the jacuzzi

*In 1707 an act was passed
by the Irish parliament
entitled "An Act for
Settling and Preserving a
Public Library for ever"*



The Door of Reconciliation

Die einde van 'n era...

Frans van der Merwe



Saamgestel deur
**Grizéll
Azar-Luxton**

Frans van der Merwe het op 1 Augustus 1985 Direkteur van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens geword en het aan die einde van Januarie 1997 die tuig neergelê. Ons het met hom gesels oor sy loopbaan van meer as 31 jaar by die Biblioteekdiens.

Hoe voel dit om na 31 jaar die Provinsiale Biblioteekdiens vaarwel te moet sê?

Die huidige omstandighede maak dit vir mens in 'n sekere mate makliker as wat dit waarskynlik onder normale omstandighede sou wees. Toe die Biblioteekdiens bykans twee jaar gelede onder 'n nuwe departement ingedeel is, kon mens toe reeds sien dat die skrif aan die muur is. Die geleidelike aftakeling wat ingetree het, was dus onafwendbaar.

Dit is dus nie net 'n verligting nie, noem dit dalk 'n verlossing om uiteindelik die sinkende skip te kan verlaat.

Die afgelope twee jaar was ongelukkig nie 'n maklike periode nie, nie net vir my persoonlik nie, maar ook vir baie ander personeellede, maar gelukkig sal die positiewe herinneringe van die ander 29 jaar vir my waarskynlik veel sterker wees.

Wat beplan jy vir die toekoms?

Ja, ek het planne, ek is nie iemand wat kan stilsit nie. Ek wil graag met my hande werk, ek hou daarvan om dinge te skep, so ek sal waarskynlik in hierdie rigting iets probeer doen.

Verder wil ek graag reis, daar is soveel plekke wat ek graag nog wil sien, eintlik wil ek, ongewone en afgeleë plekke. Na my besoek aan Rusland en spesifiek aan Sibirië, vind ek hierdie gebied baie interessant - plekke waar ek reeds was soos Petropavlovsk-Kamchatsky, Vladivostok, Khabarovsk, Novosibirsk, sal ek weer graag wil besoek. Ek is trouens weer uitgenooi vir 'n tweede besoek aan Rusland om met biblioteekprojekte

behulpsaam te wees en ek sal waarskynlik later vanjaar daarheen vertrek.

Ek is ook besonder lief vir tuinmaak en sal seker baie ure hieraan kan bestee.

Dalk skryf ek ook nog 'n boek oor my ervarings by die Biblioteekdiens, gebeurde die afgelope twee jaar alleen bied voldoende stof, maar ek sal egter eers maar hiermee wag totdat ek uitgewoed het, mens sal dinge later beter in perspektief kan sien.

Die belangrikste is egter dat ek graag meer lewenskwaliteit sal wil ervaar, ver weg van die geknoeiery binne die staatsbestel.

Gaan jy baie lees, noudat jy meer tyd daarvoor aan hê?

As bibliotekaris kan ek my net nie 'n lewe sonder boeke voorstel nie. Ek is gelukkig lid van 'n openbare biblioteek wat ek as een van die besstes beskou wat daar is. Ek voel dus gerus en inderdaad bevoorreg om in die toekoms baie meer van die uitstekende dienste van Bellville se biblioteek gebruik te kan maak.

Van Rusland gepraat. Jou reis na Rusland was nogal taamlik kontroversieël.

As dit kontroversieel was, is ek nie daarvan bewus nie. Ek is amptelik uitgenooi deur die Russiese Ministerie van Kultuur as een van die hoofsprekers tydens 'n internasionale biblioteekkonferensie in Petropavlovsk-Kamchatsky. Ek het vooraf die nodige goedkeuring van my owerhede verkry, ek het 'n verslag ingedien wat ook in die Kaapse Biblioteekdiens gepubliseer is, so ek weet nie eintlik wat so kontroversieel daaraan is nie.

Ek is natuurlik wêl bewus van sekere individue binne die Provinsiale Biblioteekdiens wat liever self in my plek sou wou gaan.

Vertel ons van jou beginjare by die Biblioteekdiens.

Ek het aan die universiteit van Pretoria en Potchefstroom studeer en in Januarie 1966 as streekbibliotekaris in Kimberley begin werk - dit was my eerste betrekking. Ek het terselfdertyd ook 'n pos by die Pretoriase stadsbiblioteek gekry, maar aangesien ek op Olifantshoek in die Noord-Kaap gematrikuleer het, het ek verkies om liever na my gebied terug te keer en het dus die betrekking in Kimberley aanvaar. Na een jaar in Kimberley, is ek deur die destydse direkteur versoek om in Aliwal-Noord te gaan aflos - my voorganger het pas tevore 'n non geword. Ek was net vir 'n jaar in Aliwal, voordat ek weer terugverplaas is Kimberley toe, hierdie keer as senior bibliotekaris vir die Noord-Kaap - in daardie dae was dit 'n bevorderingsrang.

As ek nou daaraan terugdink, dan was my enkele jaar in Aliwal-Noord seker een van die gelukkigste jare in my loopbaan. Ek het veral die natuurskoon bewonder, die bergpasse, sneeu in die winter en die talle bergstrome en riviere - ook die mense was baie gaaf, ten spyte van die feit dat die meeste bibliotekarisse Engelsprekend was en ek baie gou moes leer om aan te pas.

Ek moet darem ook byvoeg dat ek die tien jaar wat ek in beheer van die Noord-Kaap was, as 'n groot uitdaging beskou het. In 'n sekere sin was dit nog pioniersjare, ons moes biblioteke stig, en selfs nog van die ou subskripsiebiblioteke by die Provinsiale Biblioteekdiens afliëer.

Dit was wonderlike dae om biblioteke te kon besoek, boeke te sorteer en die geboue op te ruim, daar was toe nog maar min standaardgeboue in die Noord-Kaap - anders as vandag waar bykans elke enkele gemeenskap oor 'n goeie toegeruste standaardbiblioteekfasiliteit beskik. Voorraadnames en inspeksies was nog aan die orde van die dag en het baie tyd in beslag geneem. Daar was in daardie dae baie min teerpaaië en papwiele was 'n algemene verskynsel - ek het op een toer vyf papwiele gekry en mens kom na soveel teenspoer nogal taamlik stowwerig en gehawend by jou bestemming aan.

Wanneer het jy Kaap-toe gekom?

Na 'n diensstaatondersoek in 1978, het ek 'n telefoonoproep van mnr Gilbert Morris, die destydse direkteur ontvang waarin hy my meegedeel het dat ek bevorder is na assistentdirekteur van die Streekorganisasie en dat ek dus Kaapstad toe verplaas word. Ek het nie juis daarna uitgesien om Kimberley te verlaat en in Kaapstad 'aan die diepkant' ingegooi te word nie. Ek het op 1 Februarie 1979 in Kaapstad diens aanvaar en dat my huiering gereverdig was, was heel gou duidelik - die lewe in die hoofkantoor was nie maklik nie. Ek het nou 'n terrein betree wat vir baie jare ongesteurd hul gang gegaan het, vir vernuwing was dit toe nog nie tyd nie. Afgesien van die afgelope twee jaar, was my eerste vyf jaar in Kaapstad die mees frustrerende periode van my loopbaan - soveel botsende persoonlikhede in een organisasie en binne een gebou sou mens ver moes gaan soek!

Hierdie 'donker periode' het darem seker ook ten einde gekom?

Ja, gelukkig. Ek het op 1 Augustus 1985 direkteur geword, toe mnr Morris besluit het om die tuig neer te lê. Ek het die geleentheid as 'n wonderlike uitdaging aangegryp en 'n diensstaatondersoek is onmiddellik gedoen om aan die eise van die tyd te probeer voldoen. Heelwat nuwe poste is geskep om vir die behoeftes en uitdagings voorsiening te maak - so byvoorbeeld is die aantal poste van hoofbibliotekaris van drie na nege vergroot en die assistentdirekteure van een na vier. Aanstellings is in 1986 gedoen en ons nuwe span kon in alle erns met ons taak begin.

Enige interessante gebeurtenisse of staaltjies in jou loopbaan?

Ja, daar was heelwat. Die keer toe Upingtonstreek se boekwa tussen Pofadder en Onseepkans omgeval het - vermoedelik omdat die bestuurder agter die stuurwiel aan die slaap geraak het. Vir twee dae moes ons in bloedige hitte van 46 grade celsius die boeke uit die bus probeer uitkry - die boekwa het op sy dak gelê. Daar was geen skaduboom vir kilometers in sig nie en ons het byna versmag van hitte en dors!

My betrokkenheid by politici het ook nogal tot interessante voorvalle gelei. Ek is een keer in Calvinia vir die LUK se motorbestuurder aangesien - ek het toevallig in daardie stadium 'n groot Duitse motor bestuur. By 'n volgende geleentheid is ek saam met 'n LUK en is met Hendrik Schoeman, in daardie stadium Minister van Vervoer, verwar - die rede daarvoor was 'jou moestas lyk nes syne!'


Behalwe die frustrasie van gebeurde die afgelope twee jaar, was daar darem seker ook talle hoogtepunte in jou loopbaan?

Ja, ek is bly om te kan terugkyk op 'n vol en interessante loopbaan, maar ek moet darem byvoeg, ek het gelukkig heelwat geleenthede gekry.

Deur die jare was daar voortdurend aanslae teen die beleid van gratis lidmaatskap vir inwoners binne 'n bepaalde munisipale gebied. Dat hierdie aanslae afgeweer kon word, beskou ek as waarskynlik een van my grootste bydraes. Gedurende 1990 en weer in 1992, was daar spesifieke pogings van owerheidsweë om gebruikersgelde ingestel te kry. Die aanslae was so fel, dat selfs van ons eie bestuurslede my aangeraai het om maar die handdoek in te gooi. Ons kon egter deur middel van 'n goeie eie navorsingsverslag die aanslae afweer.

Ander hoogtepunte was dat die suksesvolle bemerking van die openbare biblioteek daartoe gelei het dat die owerhede die rol van biblioteke in die skepping van 'n nuwe samelewing toenemend ondersteun het - ook wat fondse betref - en as gevolg hiervan kon die voorraad in biblioteke drasties aangevul word.

Die Jaar van die Leser in 1990, Inligtingsjaar in 1993,



almal was baie suksesvolle en bevredigende jare. Daar is ook rekenarisering en die voordele wat dit vir biblioteke en gebruikers ingehou het.

Vir my persoonlik egter was die uitnodiging om 'n persoonlike voordrag by 'n internasionale biblioteek-konferensie in Rusland te kon lewer, beslis die hoogtepunt van my loopbaan. Om voor 'n internasionale gehoor te kon praat oor die wonderlike uitdagings van die openbare biblioteekdiens in Suid-Afrika en spesifiek oor dit wat op hierdie terrein in die Wes-Kaap bereik is, was vir my 'n baie trotse oomblik.

Ons weet dat jy baie ongelukkig was oor die verloop van die Westag-proses in die Wes-Kaap. Vertel ons bietjie meer hiervan.

Die hele verloop van die sogenaamde ondersoek, het sommer uit die staanspoor ontspoor, as gevolg van hoe die proses bestuur is. Die Wes-Kaap was die enigste provinsie in die land waar hierdie uiters belangrike en rigtinggewende ondersoek nie deur 'n professionele biblioteekaris gelei is nie.

Toe persverklarings sommer aan die begin van die proses deur die sameroeper uitgereik is oor hoe bibliotekarise heropgelei moet word, hoe storievertelling as 'n basiese biblioteekfunksie moet plaasvind, het ek besef dat ons nie gaan vorder nie. Die Biblioteekadviesraad het 'n subkomitee benoem wat verskeie keer met die Minister van Onderwys en Kultuur oor die aangeleentheid samesprekings gevoer het en waartydens spesifiek versoek is dat die sameroeper van die Westag-ondersoek vervang moet word.

Die proses het spoedig uitgerafel en die Minister het my later persoonlik meegedeel dat sy nie die Westag-verslag vir biblioteke aanvaar nie. 'n Nuwe verslag is in 1996 op versoek van die Minister opgestel en voorgelê. Laasgenoemde verslag is tydens sessies met die onderskeie biblioteekforums bespreek en terselfdertyd ook deur die Provinsiale Biblioteekadviesraad aanvaar.

Ek kan nie nalaat om die positiwede bydrae van SAIBI en spesifiek Prof Hennie Viljoen, in hierdie verband te noem nie en wil hom baie hartlik vir sy bydrae en ondersteuning bedank.

Hoe het jy die proses van verdeling van die Biblioteekdiens in vier nuwe provinsies ervaar?

Dit was 'n traumatiese proses vir almal wat daarby betrokke was. Die onderhandelings in die ander 'nuwe' provinsies was egter iets waarvan ek so gou moontlik sal wil vergeet. Vergaderings in Bisho het óf nie plaasgevind toe ek daarvoor opgedaag het nie, óf daar was elke keer nuwe rolspelers, óf die byeenkoms is na 'n paar minute verdaag omdat die onderhandelars nie geweet het waarom dit gaan nie en ook nie verder belanggestel het nie.

In teenstelling met ander provinsiale biblioteekdienste waar geen provinsiale biblioteekadviesrade bestaan nie, het die Adviesraad hier suksesvol funksioneer en die nodige ondersteuning verskaf?

Ja, ek is baie dankbaar teenoor die Raad. Niemand kan hoop om beter ondersteuning te kon geniet, as wat hierdie Biblioteekdiens van sy Raad gekry het nie, dank sy bekwaame voorsitters en natuurlik die onbaatsugtige bydrae van sy lede. Die afgelope twee jaar, toe die Biblioteekdiens se krisis opgebou het, het die Raad werklik uitstekende ondesteuning verskaf.

Hoe sien jy die pad vir die Biblioteekdiens vorentoe?

Ek sal verkies om nie enige voorspelling te waag nie. Al wat ek kan sê is dat hierdie jaar waarskynlik nie 'n maklike jaar gaan wees nie. Veranderings en aanpassings sal gemaak moet word. Dit is net baie jammer dat die pos van adjunkdirekteur, wat aan die einde van Februarie vakant raak, nie eers geadverteer is nie. Mens sou graag meer kontinuïteit wou sien.

Die Biblioteekdiens se fundamente is steeds baie stewig, ten spyte van gebeure van die afgelope tyd. Van die mure begin egter wankel, maar as kundige besluitneming spoedig toegelaat word, en as hierdie proses nie heeltemal uit die hande van bibliotekarise geneem word nie, kan herstel natuurlik weer plaasvind. Die mensemateriaal binne die Biblioteekdiens is kundig, toegewyd en lojal en sal beslis die mas kan opkom, as hulle net die kans gegun word.

En oor die toekoms van die openbare biblioteek?

Die openbare biblioteek as 'n instelling vir die totale gemeenskap, is gevestigd om te bly. In enige beskaafde samelewing is hierdie rol onvervreembaar. By my is daar geen twyfel nie dat die Provinsiale Biblioteekdiens en die openbare biblioteek hul huidige aanslae sal oorleef nie.

'n Slotwoord?

Ek wil graag al die openbare bibliotekarise bedank vir hul ondersteuning en hul wonderlike onbaatsugtige diens die afgelope aantal jaar. Ook aan ons eie personeel, baie dankie vir jul bydrae. 'n Provinsiale openbare biblioteekdiens is net so goed soos sy personeel en sy bronne. Indien die diensingesteldheid, waarvoor hierdie provinsie bekend is, voortgeset kan word, sal die biblioteekdiens van krag tot krag gaan. □

Pasop vir politieke korrektheid!

Mike van Graan
Kunstekonsultant

Mike van Graan is 'n kunstekonsultant in Durban. Hierdie artikel is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat hy by 'n Leeskringseminaar in Welkom gehou het.

Die Nuwe Suid-Afrika is nie so maklik soos die oue nie. Die sekuriteit en vertroue wat voortgevloei het uit die intellektuele, ideologiese en morele posisies van die verlede bestaan nie meer nie. Ons dwaal op soek na antwoorde, na koers, na nuwe fundamente, en kom tot die ongemaklike besef dat ons waarskynlik nog taamlik lank in die wildernis sal rondwaal.

Daar is geen maklike antwoorde nie. En ons beter dit aanvaar. Voorheen het ons duidelik geweet wie ons is. Dit was 'n tyd van reg en verkeer, swart en wit, van goeie ouens en slegte ouens. Nou het ons gemeenskap kompleksier geraak, onsekerder as voorheen, en dit verg dat ons meer gesofistikeerd moet optree.

Ek word dikwels gevra waarheen die Suid-Afrikaanse teater en letterkunde op pad is noudat apartheid verby is, en hierdie vraag irriteer my steeds - asof dit al was waaroor ons destyds kon skryf.

Wat my betref, is ons skeppende mens nou uiteindelik bevry van die tirannie van die apartheidstema, en kan ons nou die menslike toestand verken en daaroor skryf op 'n veel ryker, kompleksere en interessanter wyse as tevore. In die nuwe Suid-Afrika leer ons vinnig dat daar nie meer duidelike omyndelike helde en skurke is nie; helde kan skelmstreke aanvang, en skelms kan deugde hê.

Ek glo die tyd is ryp vir die opbloei van 'n nuwe Suid-Afrikaanse letterkunde. Tog, as ek moet oordeel volgens die onlangse Standard Bank Fees of Grahamstad, is daar tans bedroewend min skeppende Suid-Afrikaanse skryfwerk wat werklik opwindend, prikkelend en uitdagend is. Daar is baie redes hiervoor, maar ek het 'n suspisie dat een belangrike rede vir hierdie toestand is dat ons die tirannie van apartheid vervuil het vir die tirannie van politieke korrektheid. Daar is 'n kennelike onwilligheid by kunstenaars, borge en gehore om die kontradiksies binne die nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap oop te vleek.

Meer sinister as die overte sensuur van die verlede is die selfsensuur van nou. Terughoudendheid om die eksesse van die regering en die korrupsie van die

nuwe elite te kritiseer, gaan gepaard met die vrees om as 'n rassist of 'n ondersteuner van die ou regime geëtiketteer te word. Só word swye instemming met nuwe waardes, met 'n nuwe moraliteit wat 'n lewe van sy eie ontwikkel, en só raak die wortels van ons gemeenskap en ons pasgebore demokrasie verrot.

Op pad na die konferensie het ons gedebatteer of Mark Behr die M-Net-prys sou gewen het as sy rol as polisie-spioen op die lappe sou gekom het voor die beoordeling. Die vraag is nie of sy spioenasierol 'n goeie of 'n slegte ding was nie, maar of sy goeie in die tyte van politieke korrektheid op sy eie meriete, as 'n letterkundige werk, beoordeel sou gewees het - eerder as in die konteks van politieke verleentheid wat 'n prystoekening aan 'n polisie-spioen sou uitgelok het.

Wat as skoon, goed en reg beskou is, kon in die verlede direk herlei word tot die parameters wat deur apartheid opgestel is. Tans is ons waarskynlik op dieselfde pad - deur skoonheid, waarheid en deug te beoordeel volgens die parameters van die reënboognasie, met sy oerhelling na die historiese gemarginaliseerde gemeenskappe. Hoewel apartheid moreel afskuwelik was, en die reënboognasie-konsep met sy legitieme en gesonde voorkeur vir historiese benadeelde groepe 'n aanneemlike idee is, is ek egter glad nie daarvan oortuig dat die reënboognasie-konsep goeie redes bied om debattering stil te maak, om te frons op kritiek, om konformiteit te eis nie.

Oor die hele spektrum is ons sielkundig ontman (en ontvrou!) deur die outoritêre strukture van ons gemeenskap, of deur die hiërargie van die anti-apartheidstryd. Ons het gaan lê voor gesag, voor politici. Kunstenaars het hulle laat ont-krag deur 'n kombinasie van sensuur, gebrek aan middele, en hul openlike konskripsie tot dié of daardie politieke kamp. In 'n sekere sin is ons nie gered vir demokrasie nie; ons moet nog ons ontmagtiging, ons sin van minderwaardigheid, van waardeloosheid te bowe kom. Terwyl die politici moet leer dat hulle nie in 'n demokrasie ons heersers is nie, moet ons leer dat ons nie blote onderdane is nie.

Dit is nie nou die tyd om van debatte weg te skram, om te gaan lê, om wat na

